

# WAPENRUSTING VAN GOD

LEER WANDEL IN DIE KRAG EN
BESKERMING VAN ONS HERE

LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS JOERNAAL

*WAPENRUSTING VAN GOD: LEER WANDEL IN DIE KRAG EN BESKERMING VAN ONS HERE*

Kopiereg © 2023 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *Wapenrusting van God: Leer wandel in die krag en beskerming van ons Here* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

WANNEER VROUE
TOEGERUS IS MET DIE
KENNIS VAN GOD SE
WAARHEID, WORD DIE
WÊRELD VERANDER,
EEN VROU OP 'N SLAG.

## INHOUD


*003* WELKOM

*004* INLIGTING OOR LGG

*005* ONS MISSIE

*006* SOAP BYBELSTUDIE METODE

*009* GETUIENIS

*010* WÊRELDWYE BEDIENING

*011* KEN HIERDIE WAARHEDE

*014* INLEIDING

*015* LEESPLAN

*018* DOELWITTE

*019* WEEK 1

*042* WEEK 2

*065* WEEK 3

*088* WEEK 4

*112* WEEK 5

*135* WEEK 6

*158* SLUIT BY ONS AAN

*159* VIR JOU

*Vir Jou*

IS DAAR
GEBID; DIT IS
GEEN TOEVAL
DAT JY AAN
HIERDIE STUDIE
DEELNEEM NIE.

## WELKOM!

Ons is verheug dat jy besluit het om by ons aan te sluit vir hierdie Bybelstudie! Weet dat daar vir jou gebid is; dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos jy jouself daagliks in sy Woord verdiep! Voordat jy begin om die aangewese Bybelverse vir die dag te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om deur sy Woord met jou te praat. Luister dan. Glo dat Hy getrou sal wees om tot jou te spreek. Wees getrou om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Die Bybel leer vir ons dat wanneer ons wysheid soek soos ons silwer sou soek, en dit opspoor soos 'n verborge skat, dan sal ons weet hoe om die Here te dien en sal ons ontdek wat dit is om God te ken. (Spr. 2:4-5)

Almal van ons hier by Love God Greatly kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur; moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin.

Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is met jou. Kom ons sien wat God vir ons wil openbaar in hierdie studie. Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

## OOR LGG

Love God Greatly bestaan om vroue reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God heelhartig lief te hê met hulle lewens.

Ons wil vroue INSPIREER om God se Woord ‘n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens, deur middel van ons Bybelstudie hulpbronne.

Ons wil vroue AANMOEDIG in hulle daaglikse lewenswandel met God, deur middel van ‘n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

Ons wil vroue TOERUS om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

Ons begin met ‘n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie. Sommige vroue kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vroue reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By Love God Greatly sal jy ware, lewensegte vroue vind. Vroue wat minder van mekaar, en baie meer van Jesus begeer. Vroue wat daarna smag om God deur sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vroue wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

Love God Greatly is toegewyd om kwaliteit Bybelstudiemateriaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van enige vrou om te kan deelneem aan een van ons Bybelstudies nie. Alle joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com

Ons joernale en boeke kan ook op Amazon gekoop word. Soek vir “Love God Greatly” om al ons Bybelstudie joernale en boeke te sien.

*JY SAL VROUE VIND WAT*
*ONVOLMAAK EN TOG VERGEWE IS.*

Love God Greatly is ‘n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir Love God Greatly kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke.

Een-honderd persent van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van Love God Greatly en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

Arm-in-arm en hand-in-hand, kom ons doen dit saam.

# ONS MISSIE

## DIE BEHOEFTE

Biljoene vroue reg oor die wêreld het nie toegang tot God se Woord in hul eie moedertaal nie. Diegene wat wel ‘n Bybel in hul eie taal het, het nie altyd Bybelstudiemateriaal wat spesiaal vir vroue ontwikkel is nie.

## DIE MISSIE

Love God Greatly bied Bybelstudies in meer as 40 tale aan. Ons rus sendelinge, Christelike organisasies, plaaslike kerke en vroue op ‘n ongeëwenaarde wyse toe met God se Woord, deur toe te laat dat ons joernale gratis van ons internasionale webblaaie afgelaai kan word.

Deur die Bybel in hul eie taal te bestudeer met eensgesinde vroue, leer vroue meer oor God se Woord en word hulle daarmee toegerus.

Ons glo dat wanneer vroue God se Woord lees, dit toepas op hul lewens en God se onveranderende liefde vir hulle met ope arms aanneem, is die wêreld ‘n beter plek. Ons weet dat een vrou wat God se Woord lees, ‘n verandering kan bring in haar familie, haar gemeenskap en haar land… een vrou op ‘n slag.

## SLUIT BY ONS AAN

Ons wil graag hê dat jy by ons aansluit in ons missie om alle vroue oor die wêreld die geleentheid te bied om toegang te hê tot God se Woord en kwaliteit Bybelstudiehulpbronne! Stuur gerus vir ons ‘n e-pos of besoek ons aanlyn indien jy enige vrae het of meer inligting benodig. Ons hoor graag van jou!

INFO@LOVEGODGREATLY.COM
LOVEGODGREATLY.COM

## SOAP

*Bybelstudiemetode*

By Love God Greatly, glo ons dat God se Woord lewend en aktief is. Die woorde van die Skrif is kragtig en effektief en toepaslik vir lewe in alle tye en alle kulture. Om die Bybel korrek te interpreteer moet ons 'n begrip hê van die konteks en die kultuur van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode wanneer ons die Bybel bestudeer. Dit staan vir Scripture, Observation, Application, and Prayer (Skrifgedeelte, Waarneming, Toepassing en Gebed). Dit is een ding om eenvoudig die Skrif te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor na te dink, begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper in die Bybel te delf en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jak. 1:22).


*OM DIE BYBEL TE LEES IS NIE 'N VERSPILLING VAN TYD NIE. GOD SE WOORD IS LEWEND, KRAGTIG EN EFFEKTIEF, EN HY SPREEK TOT ONS DAARDEUR.*

In hierdie studiegids lees ons 'n Skrifgedeelte en pas dan die SOAP metode toe op spesifieke verse. Hierdie metode help ons om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

# **SOAP**

*Bybelstudiemetode*


SOAP

WEEK 1 • MAANDAG

SOAP / *Openbaring 12:10, 2 Tessalonisense 3:3*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

Openbaring 12:10

Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: "Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koninskap hier, en die gesag van die Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het."

2 Tessalonisense 3:3

Die Here is getrou; Hy sal Julle versterk en Julle van die Bose bewaar.

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

Harde stem, kragtig

Ons word daagliks aangekla - konstante stryd

Die Here sal my help, versterk en bewaar.

Hy is altyd daar.

Hy is konstant, 'n beskermer in my lewe, bewaarder

32

S

STAAN VIR SCRIPTURE (SKRIFGEDEELTE)

*Skryf die SOAP vers neer.*

*Jy sal verbaas wees oor wat God aan jou sal openbaar wanneer jy rustig tyd neem om dít wat jy lees, neer te skryf!*

O

STAAN VIR OBSERVATION (WAARNEMING)

*Wat sien jy in die verse wat jy lees?*

*Wie is die gehoor vir wie hierdie geskryf is? Is daar 'n herhaling van woorde?*


*Watter woorde staan vir jou uit?*

## A
## STAAN VIR APPLICATION (TOEPASSING)

*Dit is waar God se Woord persoonlik word.*

*Wat sê God vandag vir jou? Hoe kan jy dít wat jy nou net gelees het, toepas in jou eie lewe?*

*Watter veranderinge moet jy maak? Is daar iets wat jy moet doen?*


**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

Herinner myself dat God se krag sterker is as enige iets anders.
Memoriseer hierdie verse en sê dit hardop elke dag hierdie week.
Vra God om my geloof in Hom te versterk.
Vertrou God dat Hy my van die bose sal bewaar.
Bid vir my broers en susters in Christus.

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

Dierbare Here,
Dankie dat U konstant, getrou en liefdevol teenoor my is. Help my om daagliks en deur moeilike tye my vertroue en geloof in U te verdiep.
Help my om te weet dat U altyd by my is om my te beskerm.
Herinner my aan ander se lyding en help my om hulle in hul groei te bemoedig.
Ek vra dit alles in Jesus se naam.
Amen.

33

## P
## STAAN VIR PRAYER (GEBED)

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*Spandeer tyd om Hom te dank.*

*Indien Hy iets aan jou geopenbaar het tydens hierdie tyd in sy Woord, bid daaroor.*

*Indien Hy sonde in jou lewe geopenbaar het, bely dit.*

*En onthou, Hy het jou innig lief.*

HOOGTEPUNTE VAN ONS
WÊRELDWYE BEDIENING

# GETUIENIS

*LGG Karen-tak*

Ek is 'n doogewone Christen wat gereeld kerk toe gegaan en my kinders in 'n gemeenskap met 'n liefde vir God grootgemaak het. Ter wille van my kinders het ek hier in Mianmar by 'n kerk aangesluit en met die Birmaanse tak van Love God Greatly in verbinding getree. My eerste studie was Hosea en ek onthou dit nog steeds.

Ek het soveel geleer uit die Bybelstudie saam met Love God Greatly en so na aan God gevoel terwyl ek soggens sy Woord bestudeer het. My liefde vir God het daagliks toegeneem en eendag het die takleier my gevra of ek die Bybelstudies uit Engels in Birmaans kon vertaal. Aanvanklik het ek voorgegee dat ek nie die versoek gehoor het nie, maar ek het gou besluit om by die span aan te sluit.

Ongeveer daardie tyd het ons almal 'n wêreldwye pandemie in die gesig gestaar. Ons land is ingeperk en ons LGG-groep het aanlyn met mekaar in aanraking gekom pleks van persoonlik. Ons het gedurende daardie tyd baie verliese gely en my gesin het ook COVID opgedoen. Ek onthou nog ons kon nie eers uitgaan om medisyne te kry nie, maar hoe dierbare vriende vir ons kom kosmaak het en die medisyne en hulp wat ons nodig gehad het, voorsien het.

Gedurende daardie tyd het ek niks anders as God se beloftes gehad waarop ek kon staan nie. God het daardie tyd gebruik om my nader aan Hom te bring. Ek het my oopgestel vir enigiets wat God wou hê ek moes doen.

*DAAR WAS NIKS ANDERS OM OP TE STAAN*
*AS GOD SE BELOFTES NIE.*

God was goed vir ons gesin en het ons laat herstel. Kort daarna het my takleier my gevra om 'n nuwe tak te stig en die studies in Karen te vertaal. Ek het God belowe dat as Hy my wil gebruik, ek dit sal doen. Ons het begin as 'n baie klein tak, maar God het genadiglik meer vroue by ons span gevoeg. Prys God vir wat Hy vir my gedoen het en hoe Hy my 'n kans gegee het om Hom deur Love God Greatly te dien. Ek weet sonder Hom is ek niks, en ek weet Hy gee vir my om.

Moo Be,
*LGG Karen-tak*

HOOGTEPUNTE VAN ONS WÊRELDWYE BEDIENING

# WÊRELDWYE BEDIENING

*LGG Karen-tak*

KEN JY IEMAND VIR WIE ONS LOVE GOD GREATLY BYBELSTUDIES IN DIE KAREN-TAAL NUTTIG SOU WEES?

Indien wel, vertel hulle gerus van al die wonderlike Bybelstudiehulpbronne wat ons verskaf om hulle met God se Woord te help toerus!

---

OM MET HIERDIE TAK IN AANRAKING TE KOM:

Email: ask@lovegodgreatly.com

---

HOE KAN JY VIR HIERDIE TAK BID?

Dat God Mianmar sal beskerm en vrede en vreugde sal herstel.

Dat nog vertalers by ons span sal aansluit.

Dat ons Karen-bevolking Christus sal ken, want net ongeveer 30% is Christene.

---

SAL JY GRAAG WIL HELP?

info@lovegodgreatly.com

# KEN HIERDIE WAARHEDE

### *GOD HET JOU LIEF*

God se Woord sê, "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê" (Joh. 3:16).

### *ONS SONDE SKEI ONS VAN GOD*

Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is. God se Woord sê, "Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie" (Rom. 3:23).

### *JESUS HET GESTERF SODAT JY LEWE KAN HÊ*

Die gevolg van sonde is die dood, maar God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar. Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, "Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus" (Rom. 6:23); "Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was" (Rom. 5:8).

### *JESUS LEEF!*

Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om 'n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

Jesus sê, "In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is" (Joh. 14:2-3).

## *WEET DAT JY VERGEWE KAN WORD*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy 'n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered" (Rom. 10:9-10).

## *NEEM JESUS SE GRATIS GESKENK VAN VERLOSSING AAN*

Hoe lyk dit prakties? Met 'n opregte hart kan jy 'n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

Jesus,
Ek weet dat ek 'n sondaar is. Ek wil nie nog 'n dag leef sonder om u liefde en vergifnis met ope arms aan te neem nie. Ek vra vir u vergifnis. Ek glo dat U vir my sondes gesterf het en uit die dood opgestaan het. Ek gee alles wat ek is oor, en vra U om die Here van my lewe te wees. Help my om weg te draai van my sonde en U te volg. Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel soos ek onder u genade leef, en help my om te groei in u weë, soos ek daarna streef om U beter te ken.
Amen.

## *SKAKEL IN EN GROEI*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal ons graag met jou wil kontak maak.

Jy kan vir ons 'n e-pos stuur by info@lovegodgreatly.com. Ons wil dit graag saam met jou vier, saam met jou bid en jou help om met 'n plaaslike kerk in aanraking te kom. Ons is hier om jou aan te moedig soos jy jou nuwe lewe as 'n kind van God begin.

# Kom Ons Begin

## WAPENRUSTING VAN GOD

*Leer wandel in die krag en beskerming van ons Here*

# Inleiding

Dis tyd om jouself te klee, liewe vriendin. ‘n Oorlog woed oral om ons heen. Dit teiken ons gedagtes, gesinne, vriende en toekoms. Of ons daarvan hou of nie, ons is deel hiervan. Dwarsdeur die Ou en Nuwe Testament word daar van hierdie onsigbare geestelike oorlog gepraat en dit woed daagliks rondom elkeen van ons.

Die studie waarmee ons nou gaan begin is ‘n “Ek is ten volle oorgehaal”-tipe studie. Ons gaan nie slegs die Skrif lees nie; ons gaan leer hoe om onsself te klee met die mooiste geestelike wapenrusting van ons liefdevolle Vader. As Christene kan ons nie bekostig om in vandag se tyd passief te leef nie. Nou is die tyd om standvastig te wees en terug te veg. As gelowiges in Jesus Christus het ons toegang tot die beste wapenrusting vir hierdie oorlog: Die wapenrusting van God. Wees dus nie bevrees nie. God het jou toegerus met al die wapens wat jy benodig om suksesvol oorlog te voer en te oorwin.

Die wapenrusting van God is ‘n metafoor wat in die boek Efesiërs gebruik word om die geestelike beskerming en krag tot ons beskikking as volgelinge van Christus te beskryf. In die volgende ses weke sal ons leer hoe om ons te klee met elke deel van hierdie wapenrusting en hoe om dit aan te wend, insluitend die gordel van waarheid, die borswapen van geregtigheid, die skoene van vrede, die skild van geloof, die helm van verlossing en die swaard van die Gees. Elke deel van die wapenrusting waarmee ons onsself klee rus ons beter toe, sodat ons kan weerstand bied teen die planne van die satan.

*DIS TYD OM JOUSELF TE KLEE, LIEWE VRIENDIN.*

Dis finaal. Die vyand kry nie nog ‘n deel van ons grondgebied nie. Tydens hierdie ses weke lange studie sal ons leer hoe om onsself te klee, ons man te staan en terug te veg. Ons is nie langer naïef teenoor die satan se planne nie. Ons weet wat sy teikens en doelwitte is. Vandag staan ons op die waarheid van God se Woord, wakker en slaggereed vir die gevegte wat rondom ons woed. Vandag kies ons om in die krag van God se waarheid te staan, geklee met die wapenrusting wat Hy ons bied en ons neem deel aan die gevegte wat voorlê, terwyl ons onsself herinner daaraan dat God reeds die oorlog gewen het.

## LEESPLAN

Merk dit af

### WEEK 1 / GORDEL VAN WAARHEID

- O *Maandag / Trek Ons Wapenrusting aan*
  Lees: Efesiërs 6:10–18
  SOAP: Efesiërs 6:10–11
- O *Dinsdag / Die Ware Vyand*
  Lees: Efesiërs 6:12
  SOAP: Efesiërs 6:12
- O *Woensdag / Gewapen met Waarheid*
  Lees: Efesiërs 6:13–14
  SOAP: Efesiërs 6:13–14
- O *Donderdag / Onveranderlike Waarheid*
  Lees: Johannes 17:14–19
  SOAP Johannes 17:17
- O *Vrydag / Bedrog Erken*
  Lees: 1 Johannes 4:4–6
  SOAP: 1 Johannes 4:6

### WEEK 2 / BORSHARNAS VAN GEREGTIGHEID

- O *Maandag / Bedek met Geregtigheid*
  Lees: Efesiërs 6:10–18
  SOAP: Efesiërs 6:14
- O *Dinsdag / Bewaak Jou Hart*
  Lees: Spreuke 4:20–23
  SOAP: Spreuke 4:23
- O *Woensdag / Sy Geregtigheid*
  Lees: 2 Korintiërs 5:17–21
  SOAP: 2 Korintiërs 5:21
- O *Donderdag / Regverdig deur Geloof*
  Lees: Genesis 15:1–6; Romeine 4:1–5
  SOAP: Romeine 4:3
- O *Vrydag / Nuwe Identiteit*
  Lees: Efesiërs 4:1–24
  SOAP: Efesiërs 4:22–24

**WEEK 3 / DIE EVANGELIE VAN VREDE**

- ○ *Maandag / Die Regte Skoene*
  Lees: Efesiërs 6:10–18
  SOAP: Efesiërs 6:15
- ○ *Dinsdag / Vrede bo Begrip*
  Lees: Filippense 4:6–9
  SOAP: Filippense 4:6–7
- ○ *Woensdag / Alles Wat Ons Nodig Het*
  Lees: Efesiërs 2:13–18
  SOAP: Efesiërs 2:17
- ○ *Donderdag / Boodskappers van Vrede*
  Lees: Jesaja 52:7
  SOAP: Jesaja 52:7
- ○ *Vrydag / Een Liggaam in Christus*
  Lees: Kolossense 3:12–17
  SOAP: Kolossense 3:15

**WEEK 4 / SKILD VAN GELOOF**

- ○ *Maandag / Toegerus vir die Geveg*
  Lees: Efesiërs 6:10–18
  SOAP: Efesiërs 6:16
- ○ *Dinsdag / Geloof om Op te Tree*
  Lees: Markus 9:14–29
  SOAP: Markus 9:23–24
- ○ *Woensdag / Ons Skild en Skuiling*
  Lees: Psalm 18:1–50
  SOAP: Psalm 18:31
- ○ *Donderdag / God is Getrou*
  Lees: 2 Tessalonisense 3:1–5
  SOAP: 2 Tessalonisense 3:3
- ○ *Vrydag / Oorwinnende Krag*
  Lees: 1 Johannes 5:4–5
  SOAP: 1 Johannes 5:4–5

**WEEK 5 / HELM VAN VERLOSSING**

- ○ *Maandag / Bewaak jou Verstand*
  Lees: Efesiërs 6:10–18
  SOAP: Ephesian 6:17
- ○ *Dinsdag / Dinge Hierbo*
  Lees: Kolossense 3:1–11
  SOAP: Kolossense 3:2
- ○ *Woensdag / Vernuwe Gees*
  Lees: Romeine 12:1–2
  SOAP: Romeine 12:2
- ○ *Donderdag / Hoop op Verlossing*
  Lees: 1 Tessalonisense 5:1–11
  SOAP: 1 Tessalonisense 5:8–9
- ○ *Vrydag / Wat Ook Al Waar Is*
  Lees: Filippense 4:4–8
  SOAP: Filippense 4:8

**WEEK 6 / SWAARD VAN DIE GEES: DIE WOORD VAN GOD**

- ○ *Maandag / 'n Effektiewe Wapen*
  Lees: Efesiërs 6:10–18
  SOAP Efesiërs 6:17–18
- ○ *Dinsdag / Sterk en Vasberade*
  Lees: Josua 1:7–9
  SOAP: Josua 1:7
- ○ *Woensdag / Neem Elke Gedagte Gevange*
  Lees: 2 Korintiërs 10:1–5
  SOAP: 2 Korintiërs 10:3–5
- ○ *Donderdag / Weerstaan Versoeking*
  Lees: Matteus 4:1–11
  SOAP: Matteus 4:10–11
- ○ *Vrydag / Berg dit Op*
  Lees: Psalm 119:9–16
  SOAP: Psalm 119:11

## JOU DOELWITTE

*Skryf drie doelwitte neer waarop jy graag wil fokus elke dag wanneer jy God se Woord bestudeer. Maak seker dat jy gedurende die volgende paar weke terugverwys na hierdie doelwitte om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!*

*EEN*

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

*TWEE*

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

*DRIE*

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

……………………………………………………………………………………………………….

*Ons stryd is nie
teen vlees en bloed
nie, maar teen elke
mag en gesag, teen
elke gees wat heers
oor hierdie sondige
wêreld, teen elke
bose gees in die lug.*

*Efesiërs 6:12*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Neem hierdie week verskeie notakaarte of neem 'n paar bladsye in jou gebedsjoernaal en skryf die naam van 'n geliefde bo-aan elke bladsy. Onder die naam skryf jy die woorde: fisies, verstandelik, geestelik en emosioneel. Fokus daarop om te bid vir beskerming in elkeen van hierdie gebiede vir jou geliefdes en wees so spesifiek as moontlik.*

## LEES

*Week 1 • Maandag*

*Efesiërs 6:10-18*

Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11 Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. 12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. 13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. 14 Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas, 15 en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. 16 Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. 17 Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. 18 Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.

## SOAP

*Week 1 • Maandag*

SOAP / *Efesiërs 6:10–11*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Maandag*

**SOAP:**

*Efesiërs 6:10–11*

*Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel.*

**OORDENKING**

Ek weet baie mense hou nie daarvan om hieroor te praat nie, maar of ons dit besef of nie, ons het ‘n regte vyand, en hy speel vuil.

Laat ek raai, was dit moeilik om tyd te vind vandag om hierdie studie te begin? Was vandag ‘n bietjie maller as gewoonlik? Het jy boodskappe, oproepe of onderbrekings gekry terwyl jy probeer het om rustig te raak om tyd in God se teenwoordigheid deur te bring? Vriendin, nie een van hierdie onderbrekings is toevallig nie. Dit is alles deel van die plan.

Jy is dopgehou. Jy besef dit dalk nie, maar satan ken jou verlede, jou foute en watter versoekings jou knieë laat klap. Hy het ‘n strategiese plan om jou daarvan te weerhou om jou Godgegewe doel te bereik, en hy sal alles in sy vermoë doen om jou uit te haal.

So, hoe bly ons staande teen onsigbare aanvalle wat opsetlik gemik is op ons vernietiging en die vernietiging van diegene wat ons liefhet? Ons staan in die krag van God, nie ons eie nie. Dit is ‘n geestelike stryd wat soms in die fisiese ryk kan in beweeg, maar wat altyd met geestelike wapens geveg moet word. Maak geen fout nie, geestelike oorlogvoering is ‘n werklikheid, maar so ook die wapens waarmee God ons toegerus het om hierdie huidige duisternis te beveg.

Kom ons klee onsself met die wapenrusting wat ons Vader ons gegee het. Ons sal nie langer naïef wees vir die onsigbare stryd wat orals om ons woed nie. Ons sal nie langer slagoffers van satan se planne wees nie. Nee, ons staan geklee in die wapenrusting waarmee God ons toegerus het vir die gevegte wat ons in die gesig staar, terwyl ons onsself daaraan herinner dat die oorlog reeds gewen is. Ons veg vanuit ‘n plek van oorwinning, nie nederlaag nie.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, dankie dat U die wapenrusting voorsien wat ek benodig om vas te staan teen die aanslae wat oor my pad kom. Help my om my krag by U te put, sodat ek satan se aanvalle kan weerstaan. Open my geestelike oë om te sien wat werklik aangaan, sodat ek sal weet hoe om te reageer. Leer my hoe om die geestelike wapens wat U my gegee het, effektief te gebruik.

**LEES**

*Week 1 • Dinsdag*

*Efesiërs 6:12*

Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.

## SOAP

*Week 1 • Dinsdag*

SOAP / *Efesiërs 6:12*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Efesiërs 6:12*

*Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.*

**OORDENKING**

Kom ons wees eerlik; meeste dae voel dit asof ons stryd teen ander mense is. Tog lees ons presies die teenoorgestelde in Efesiërs 6:12. Daardie individue wat ons teëstaan, ons ontmoedig of teen ons is, voel dalk soos ons ware vyande, maar ons stryd is nie teen mense, organisasies of politieke partye nie.

Geestelike oorlogvoering word in die onsigbare terrein gedoen, maar die uitwerking daarvan word dikwels in die fisiese gevoel. Versoekings en konflikte is nie lukraak nie. Sommige het selfs ons gevegte met man teen man gevegte vergelyk. Die geveg is intiem en persoonlik. Ons teëstander is ten volle oorgehaal en gaan voluit.

Ons stryd vind plaas in die geestelike terrein teen satan en sy demone. Verse in die Ou en Nuwe Testament praat oor hierdie demoniese magte wat oorlog voer teen ons. Hulle het ten doel om ons lewens te vernietig, of ten minste om ons waardeloos te maak vir God se koninkryk. Maar satan is ʻn geskape wese. Hy het beperkte mag. Anders as God is hy is nie alwetend nie en kan nie oral op dieselfde tyd wees nie. Satan was op ʻn tyd die belangrikste van al die engele, maar trots het sy hart gevul. Hy het teen God in opstand gekom en baie van die engele in die hemel saamgeneem in sy rebellie.

Satan haat God en wil Hom vernietig. Die feit dat jy ʻn kind van God is, maak dat jy ʻn teiken op jou rug het, want satan wil enigiets wat God liefhet vernietig. Ons moet bewus wees van hierdie werklikheid, maar nie daarvoor bang wees nie. Daar is ʻn balans tussen bewus wees van satan, sy demone, hul aktiwiteite en hul invloede en om nie in vrees of konstante beheptheid met hulle te leef. Satan is nie opgewasse teen God nie; God het geen gelyke nie. Dus, terwyl ons bewus leef van hierdie onsigbare stryd, leef ons nie in vrees daarvoor nie.

**GEBED**

Liewe Jesus, dankie vir die herinnering dat ons nie teen ander mense veg nie. Hulle is nie die vyand nie; die bose is. Gee my geestelike oë om die stryd rondom my te sien en nie daardeur mislei te word nie. Gee my onderskeidingsvermoë om te weet wat werklik in die geestelike terrein aangaan, sodat ek kan bid en daarvolgens kan reageer. Help my om my daagliks te klee met die wapenrusting wat U mildelik voorsien het. Amen.

## LEES

*Week 1 • Woensdag*

*Efesiërs 6:13-14*

Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. 14 Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas,

## SOAP

*Week 1 • Woensdag*

SOAP / *Efesiërs 6:13–14*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Woensdag*

### SOAP:

*Efesiërs 6:13–14*

*Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas,*

### OORDENKING

Een van die wonderlike waarhede met betrekking tot God is dat Hy ons nie op ons eie gelaat het om ons lewens self uit te pluis nie. In plaas daarvan wil Hy hê dat ons aktief by Hom betrokke moet raak en sy leiding soek vir die groot en klein kwessies in ons lewens. Hiervoor het Hy vir ons sy Woord gegee, die Bybel, wat van begin tot einde waar is. Wanneer ons dit vertrou en glo, trek ons die gordel van die waarheid aan soos Efesiërs 6 vir ons beskryf.

Hierdie gordel van die waarheid help ons om vas te staan in ons geloof en strategiese aanvalle van die vyand teen te staan. Die gordel van die waarheid is die fondasie waaraan al die ander dele van ons geestelike wapenrusting hang.

Om God se Woord te ken is van kardinale belang om sterk te staan in die Here. Dit gee vir ons die grondslag van waarheid en help ons om gegrond te bly in wat reg en goed is. Wanneer ons God se Woord bestudeer en daaroor peins, vul ons ons gedagtes en harte met waarheid. Hierdie waarheid maak ons vry van enige leuens en misleidings wat die vyand in ons gedagtes probeer plant.

Wanneer ons die gordel van die waarheid aantrek, plaas ons nie net ons volle vertroue in die ware Woord van God nie, maar leef ons as betroubare mense. Ons is opreg en eerlik, praat die waarheid en is nie skynheilig of onbetroubaar nie. Net soos ons hemelse Vader altyd die waarheid praat, so moet ons ook.

### GEBED

Liewe Here Jesus, help my om u weë te verstaan. Skep in my ‘n begeerte om myself met u Woord te vul en maak dit die fondament van my lewe. Help my om U te soek in alle sake in my lewe, en gee my lippe wat te alle tye die waarheid praat. Amen.

## LEES

*Week 1 • Donderdag*

*Johannes 17:14-19*

Ek het u woord aan hulle gegee, en die wêreld haat hulle, omdat hulle nie tot die
wêreld behoort nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. 15 Ek bid
nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose
moet bewaar. 16 Hulle behoort nie tot die wêreld nie, net soos Ek ook nie tot
die wêreld behoort nie. 17 Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U
woord is die waarheid. 18 Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle
ook na die wêreld toe gestuur; 19 en ter wille van hulle wy Ek My aan U toe,
sodat hulle ook deur die waarheid aan U toegewy kan wees.

## SOAP

*Week 1 • Donderdag*

**SOAP /** *Johannes 17:17*
**SCRIPTURE /** *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION /** *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Donderdag*

**SOAP:**

*Johannes 17:17*

*Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid.*

**OORDENKING**

Die gordel van die waarheid is die fondasie van die wapenrusting van God. Dit is ontwerp om al die ander stukke van die wapenrusting in plek te hou. Hierdie vers herinner ons aan die krag van God se Woord en die belangrikheid daarvan om dit in ons lewens te ken. Wanneer ons 'n gewoonte maak om die Bybel te lees en te bestudeer, versadig ons doelbewus ons verstand en hart met die waarheid. Hierdie waarheid dien as ons geestelike wapenrusting, wat ons toerus om vas te staan in ons geloof en die aanvalle van die vyand te weerstaan.

Omdat God se Woord waarheid is, onderskei dit ons nie net van die wêreld nie, maar maak ons ook vry. Ons erken ons emosies en die waarde wat dit in ons lewens speel, maar ons ken ook hulle plek. Ons emosies bepaal nie wat waar is in ons lewens nie, net God se Woord het daardie eer.

As Christene weet ons dat die waarheid nie verander nie. Dit pas nie aan by die winde van verandering in die huidige tydsomstandighede of ons politieke omgewings nie. God is gister en vandag dieselfde. So is sy Woord. Wanneer ons in God se waarheid gewortel is, is ons in staat om die leuens en bedrog van die vyand te herken en te weerstaan en standvastig in ons geloof te bly. God se Woord rus ons toe om die uitdagings en versoekings wat oor ons pad kom die hoof te bied.

**GEBED**

Liewe Jesus, help my om nooit die krag van u Woord te vergeet nie. Mag u waarheid die fondament van my lewe wees. Sonder my af vir u eer. Help my om te onthou om myself elke oggend met die gordel van die waarheid te klee terwyl ek daarna streef om my verstand en hart met u Woord en u waarheid te beklee. Amen.

## LEES

*Week 1 • Vrydag*

*1 Johannes 4:4-6*

Julle behoort aan God, liewe kinders, en het die vals profete klaar oorwin omdat
Hy wat in julle is, groter is as die duiwel, wat in die wêreld is. 5 Hulle behoort
aan die wêreld, en wat hulle sê, is dus van die wêreld afkomstig, en die wêreld
luister na hulle. 6 Ons behoort aan God, en wie vir God ken, luister na ons; wie
nie aan God behoort nie, luister nie na ons nie. Hieraan kan ons die Gees van die
waarheid en die gees van die dwaalleer onderskei.

## SOAP

*Week 1 • Vrydag*

SOAP / *1 Johannes 4:6*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 1 • Vrydag*

**SOAP:**

*1 Johannes 4:6*

*Ons behoort aan God, en wie vir God ken, luister na ons; wie nie aan God behoort nie, luister nie na ons nie. Hieraan kan ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaalleer onderskei.*

**OORDENKING**

As ons wil weet wat waar is moet ons God se Woord ken. Die Waarheid kan slegs in God, die Een wat self waarheid is, gevind word. God se waarheid moet ons lewens bewaar. Dit is so belangrik om elke dag die gordel van waarheid aan te trek wanneer ons in die wêreld uitgaan en slaags raak met 'n vyand wat met leuens aanval.

Die gees van misleiding en bedrog was nog altyd, vandat die slang in die tuin met Eva gepraat het, in die wêreld. Hy het haar bedrieg deur God se woorde te bevraagteken en haar te laat twyfel of God regtig die beste vir haar lewe begeer het. Indien ons nie in God se Woord gegrond is, dit die fondament van ons lewens maak en toelaat om diep in ons verstand en harte in te dring nie, sal ons vatbaar wees vir die wisselende getye van openbare opinie en ons vastrapplek verloor.

Wie ons toelaat om in ons lewens in te spreek, is so belangrik. Diegene na wie ons luister, is wie ons toelaat om ons te beïnvloed. Wanneer ons 'n hegte verhouding met God het en weet wat Hy gesê het, is ons in staat om die stem van waarheid te herken en dit van die stem van dwaalleer te onderskei. Dit is van kardinale belang in ons geestelike reis terwyl ons gekonfronteer word met die aanvalle van die vyand wat ons met leuens en vals leringe probeer mislei. Wanneer ons in God se waarheid gewortel is, kan ons die gees van waarheid herken en die gees van dwaalleer verwerp.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, help my om na u stem te luister en dit te gehoorsaam. Gee my onderskeidingsvermoë en leer my om te luister na wat U sê en dit heelhartig te glo. Help my om enige leuens wat die vyand op my hart en verstand rig, te blokkeer. Amen.

## OORDENKING

*Week 1*

1. *Is there a difference between Jesus' willingness to heal and His ability to heal? Which is harder for you to believe, that Jesus is willing to help you, or that He is able to help you?*

..........

..........

..........

2. *Why was the Sabbath made for people? Why is it important for us to practice Sabbath today, even though we are not under the Old Testament Law?*

..........

..........

..........

3. *Why was it significant for Jesus to heal on the Sabbath? What did these healings and His explanations of them say about who He is?*

..........

..........

..........

4. *Why did Jesus order evil spirits not to make Him known? Why was it important that His identity remain concealed for a time?*

..........

..........

..........

5. *Why did Jesus appoint disciples? Why did He give them the authority to preach and cast out demons?*

..........

..........

..........

*Hou dan op om te
lewe soos julle vroeër
gelewe het; breek met
die ou, sondige mens in
julle wat deur sondige
begeertes verteer word.
Julle gees en gedagtes
moet nuut word; lewe
as nuwe mense wat
as die beeld van God
geskep is: lewe volkome
volgens die wil van
God en wees heilig.*

*Efesiërs 4:22–24*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Fokus hierdie week om te bid oor areas van jou lewe waar jy worstel met bitterheid, onvergewensgesindheid of skaamte. Gebruik jou notakaarte of jou gebedsjoernaal en lys areas waar jy sukkel om regverdig te lewe. Bid dan daardie lys terug tot God en vra Hom om hierdie kettings te breek. Onthou omdat ons met Christus se geregtigheid beklee is en nie ons eie nie, is daar geen veroordeling vir dié wat in Christus is nie.*

## LEES

*Week 2 • Maandag*

*Efesiërs 6:10-18*

Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11 Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. 12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. 13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. 14 Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas, 15 en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. 16 Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. 17 Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. 18 Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.

## SOAP

*Week 2 • Maandag*

SOAP / *Efesiërs 6:14*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Maandag*

### SOAP:

*Efesiërs 6:13–14*

*Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas.*

### OORDENKING

Voordat 'n Romeinse soldaat na die slagveld toe is, het hy doelbewus 'n metaalharnas aangetrek om sy bors en rug te beskerm. Een strategiese hou van die vyand kon noodlottig wees indien hy nie sy hart beskerm het nie, of hom verlam indien hy nie sy rug beskerm het nie. Ons moet ook daagliks in ons gevegte waarvoor ons te staan kom 'n borsharnas van geregtigheid aantrek.

Reeds toegerus met die gordel van waarheid as die basis van ons wapenrusting, is die borsharnas van geregtigheid 'n noodsaaklike stuk wapenrusting vir ons beskerming. Ons moet ons harte beskerm met die wete dat ons met God versoen is. Selfs al verdien ons dit nie, ontvang ons Jesus se geregtigheid as ons ons vertroue in Hom plaas (lees 2 Korintiërs 5:21).

Om die borsharnas van geregtigheid aan te trek behels ook dat ons kies om regverdige lewens in 'n wêreld vol sonde te lei. Wanneer ons Christene word, word ons nie net geregverdig nie, maar ons ontvang ook 'n nuwe natuur, een wat daarna streef om 'n heilige lewe te lei en ons hemelse Vader te verheerlik. Die betekenis van hierdie borsharnas word dus die beste as tweeledig verstaan: eerstens, die geregtigheid van Jesus wat ons as 'n geskenk ontvang het, en tweedens ons regverdige lewe wat die vrug is van die Heilige Gees se werk in ons.

As ons die Heilige Gees bedroef deur ongehoorsaamheid aan God, versuim ons om hierdie borsharnas aan te trek en dan maak ons dit trouens baie maklik vir satan om ons te verwond. 'n Vrou wat haar lewe met die borsharnas stewig in posisie leef, weer die vyand se maklike doodskote af. Wanneer ons die waarheid op ons lewens toepas, kan ons as gevolg van die geregtigheid van Christus, regverdig lewe.

### GEBED

Liewe Jesus, help my om die gawe van u geregtigheid te verstaan en meer volkome daarin te glo. Help my om 'n regverdige lewe te lei wat U verheerlik. Amen.

**LEES**

*Week 2 • Dinsdag*

*Spreuke 4:20-23*

My seun, hoor wat ek vir jou sê, luister goed na my woorde! 21 Moet dit nie
vergeet nie, hou dit altyd in gedagte, 22 want dit beteken lewe vir dié wat daarna
luister, ‘n volle lewe vir hom wat dit besit. 23 Wees veral versigtig met wat in jou
hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.

## SOAP

*Week 2 • Dinsdag*

SOAP / *Spreuke 4:23*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Spreuke 4:23*

*Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.*

**OORDENKING**

Satan weet dat as hy by ons harte kan uitkom, kan hy sy leuens na alle ander areas van ons lewe versprei. Deur die borsharnas van geregtigheid te dra, word ons teen hierdie leuens beskerm. Wanneer ons dit dra, vertrou ons op die geregtigheid van Christus, nie die veronderstelde geregtigheid van ons eie goeie werke nie.

Ons is van nature sondig. Selfs nadat ons gered is, worstel ons steeds met sonde in ons lewens. Satan weet dit ook, en hy teiken ons met skaamte en skuldgevoelens. Ons dra nie 'n borsharnas van ons eie geregtigheid om satan se pyl van beskuldigings en veroordeling af te weer nie, maar ons dra Christus se geregtigheid. Danksy Christus se geregtigheid kan ons harte beskerm word.

Indien ons nie die borsharnas van geregtigheid dra nie, stel ons onsself onbewustelik oop vir satan se strategiese aanvalle. Ons moet leer om ons harte te beskerm met die wapenrusting wat God ons gegee het. Dit behels deels om God se waarheid te ken en dit uit te leef. Dit sluit in om God se Woord in ons lewens in werking te stel en te kies om na die beste van ons vermoë 'n regverdige lewe te lei in hierdie gevalle wêreld. Ons stel ons harte oop vir aanvalle as ons God se Woord ken maar tog kies om strydig daarmee te leef.

'n Goeie voorbeeld is bitterheid. Ek weet bitterheid is 'n area waarmee baie van ons worstel. Ons weet ons moet vergewe, dat ons nie 'n wrok moet koester nie en eerder die oortreding in God se hande moet oorgee, maar alte dikwels gehoorsaam ons nie. Wanneer ons kies om ongehoorsaam te wees, maak ons ons harte kwesbaar vir 'n aanval van die vyand. As ons nie oppas nie, kan bitterheid en onvergifnis 'n houvas kry en mettertyd ander areas van ons lewens en verhoudings vergiftig.

**GEBED**

Dierbare Here Jesus, help my om my hart te beskerm sodat wat daaruit vloei, U eer. Dankie vir die borsharnas van geregtigheid wat U my gegee het. Help my om dit in my lewe te leer gebruik en om U met my hart te vertrou.

**LEES**

*Week 2 • Woensdag*

*2 Korintiërs 5:17-21*

Iemand wat aan Christus behoort, is ʻn nuwe mens. Die oue is verby,
die nuwe het gekom. 18 Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur
Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening
toevertrou. 19 Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur
Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge
nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou.
20 Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons
ʻn beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die
versoening met God wat Hy bewerk het! 21 Christus was sonder sonde,
maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons
eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.

**S O A P**

*Week 2 • Woensdag*

SOAP / *2 Korintiërs 5:21*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Woensdag*

**SOAP:**

*2 Korintiërs 5:21*

*Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.*

**OORDENKING**

Christenskap is nie "regverdig" nie. Dit is nie regverdig dat die Een sonder sonde, wat nooit iets verkeerd gedoen het nie, die prys vir sondige mense moes betaal nie: die moordenaars, leuenaars, en bedrieërs en elke sondaar tussenin. Tog is dit presies wat Jesus aan die kruis gedoen het.

Een van die merkwaardigste aspekte van ons verhouding met Jesus is dat ons sondes ons nie meer definieer nie. In plaas daarvan word ons deur sy geregtigheid bedek. Jesus het ons sondes op Hom geneem en vir ons in die plek van sonde, sy geregtigheid gegee. En dit is hierdie waarheid wat ons verander wanneer ons kies om in die lig van God se liefde te wandel, verseker van die wete dat ons geliefd, vergewe en regverdig gemaak is deur Jesus se offer.

Uit liefde rus God ons genadiglik toe met die borsharnas van geregtigheid. Selfs al het ons hierdie geregtigheid eens en vir altyd ontvang toe ons ons geloof in Hom geplaas het, leef ons daagliks deur God se reiniging en genade, en dit help ons om ons harte teen satan se strategiese aanvalle te beskerm. Satan noem ons dalk by ons sondes, maar Jesus noem ons op ons name. Dit is Jesus se geregtigheid wat ons harte teen satan se aanklagte beskerm.

**GEBED**

Dierbare Here Jesus, dankie vir die beskerming wat U vir ons voorsien het. Help my om opreg en onbeskaamd met die wapenrusting te leef wat U uit liefde vir my gegee het. Help my om vas te staan in u genade en geregtigheid. Amen.

## LEES

*Week 2 • Donderdag*

*Genesis 15:1-6*

1 Hierna het die woord van die Here in 'n gesig tot Abram gekom: "Moenie
bang wees nie, Abram, Ek beskerm jou! Jou beloning sal baie groot wees."
2 Toe sê Abram: "Here my God, wat kan U vir my gee? Ek sal kinderloos
sterf, en Eliëser die man uit Damaskus sal my besittings kry." 3 Abram het
verder gesê: "U het nie vir my 'n nageslag gegee nie. 'n Slaaf uit my huis sal
my erfgenaam wees." 4 Maar die woord van die Here het tot Abram gekom:
"Daardie een sal nie jou erfgenaam wees nie. Een wat jou eie nasaat is, hy sal
jou erfgenaam wees." 5 Toe het die Here vir Abram buitentoe laat gaan en
vir hom gesê: "Kyk op na die hemel en tel die sterre as jy kan." Verder sê die
Here vir hom: "So baie sal jou nageslag wees." 6 Abram het toe in die Here
geglo, en die Here het dit goedgevind dat Abram so volgens die wil van die
Here gehandel het.

*Romeine 4: 1-5*

Wat moet ons nou sê was die geval met ons stamvader Abraham? 2 As
Abraham op grond van sy dade vrygespreek is, dan het hy 'n rede gehad om
te roem. Maar nie by God nie! 3 Wat sê die Skrif? "Abraham het in God
geglo, en God het hom vrygespreek." 4 'n Arbeider se loon word nie vir
hom as 'n guns gegee nie, maar as iets wat hom toekom. 5 Maar die mens
wat nie op wetsonderhouding staatmaak nie, maar wat glo in Hom wat die
goddelose vryspreek, hy kry die vryspraak deur sy geloof.

## SOAP

*Week 2 • Donderdag*

**SOAP** / *Romeine 4:3*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Donderdag*

**SOAP:**

*Romeine 4:3*

*Wat sê die Skrif? "Abraham het in God geglo, en daarom het God hom vrygespreek."*

**OORDENKING**

Die vryspraak wat Abraham deur sy geloof ontvang het, het beteken dat hy geregverdig was voor God. Dit het nie beteken dat Abraham nie meer gesondig het of foute gemaak het nie, maar wel dat God Abraham regverdig verklaar het, iets wat net God kan doen. God het Abraham vrygespreek dat hy regverdig voor Hom staan en nie langer Abraham se sondes teen hom gereken nie. Abraham was vrygespreek vanweë die geregtigheid wat God aan hom toevertrou het.

Soos Abraham word ons deur geloof alleen gered. Ons werke red ons nie, ons geloof in Christus is wat ons red. Die Bybel noem die sondes, gebreke en ongeloof van elke persoon, behalwe een: Jesus Christus. Hy alleen het 'n sondelose lewe gelei en Hy alleen is die Een wat vryspraak kan ontvang op grond van sy werke. Ons word die vryspraak van Christus gegun, toevertrou met sy geregtigheid wanneer ons ons geloof in Hom plaas.

Om ons geloof in Christus te plaas, beteken dat ons glo dat God sal doen wat Hy gesê het Hy sou doen. Dit beteken dat ons oortuig is dat Jesus se volmaakte lewe en offerande aan die kruis genoeg is sodat ons as regverdiges voor God gereken kan word. Ons word die vryspraak van Christus gegee wanneer ons ons geloof in Hom plaas. Ons word geëer met sy vryspraak.

God soek ons geloof net soos Hy na Abraham se geloof gesoek het. Hy weet dat ons goeie werke, selfs op die beste van tye, onrein is. Ons almal skiet tekort aan die liefde en gehoorsaamheid wat Hy verwag. En tog, verbasend genoeg, verklaar Hy ons regverdig deur ons geloof. Wanneer ons in die stryd staan met die borsharnas van geregtigheid, sê ons vir die vyand dat ons met die bloed van Christus bedek is en dat niks ons van Hom sal skei nie.

**GEBED**

Here God, ek stel my geloof in U. Ek glo dat geloof in Jesus Christus die enigste manier is om as regverdig voor U gereken te word. Ek plaas my geloof in Jesus en glo dat U my met sy vryspraak sal toevertrou. Amen.

## LEES

*Week 2 • Vrydag*

*Efesiërs 4:1-24*

Ek druk julle dit op die hart, ek wat ‘n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat
julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God
ontvang het. 2 Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in
liefde. 3 Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het,
te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. 4 Daar is net één liggaam en net
één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. 5 Daar is net
één Here, één geloof, één doop, 6 één God en Vader van almal: Hy wat oor almal
is, deur almal werk en in almal woon. 7 Aan elkeen van ons is ‘n genadegawe
gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het. 8 Daarom sê die
Skrif: “Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem
en gawes aan die mense gegee.” 9 Hierdie uitdrukking: “Hy het opgevaar”,
veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde
toe. 10 Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle
hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul. 11 En dít is die “gawes”
wat Hy “gegee het”: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. 12 Sy
doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van
die liggaam van Christus. 13 So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike
eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy
kerk, soos ‘n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus. 14
Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en
heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons
met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie. 15 Nee, ons
sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy
is immers die hoof, 16 en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende
liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam ‘n eenheid. Elkeen van hulle vervul
sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde. 17 In die Naam van die
Here doen ek ‘n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie.
Hulle gedagtes lei tot niks, 18 hulle verstand is verduister, en hulle het geen
deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde
volhard. 19 Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met ‘n onversadigbare
drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen. 20 Maar dit is nie
hoe julle Christus leer ken het nie. 21 Julle het tog van Hom gehoor, en omdat
julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is. 22
Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige
mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. 23 Julle gees en gedagtes
moet nuut word; 24 lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe
volkome volgens die wil van God en wees heilig.

**S O A P**

*Week 2 • Vrydag*

SOAP / *Efesiërs 4:22–24*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 2 • Vrydag*

**SOAP:**

*Efesiërs 4:22–24*

*Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het.; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.*

**OORDENKING**

Wat ‘n ongelooflike seën om die vryspraak van Christus gegee te word, om die borsharnas van geregtigheid beskikbaar en tot ons beskikking te hê elke oggend wanneer ons ons dag begin. God gee in sy groot barmhartigheid vir ons oggend na oggend alles wat ons nodig het om oorwinnende lewens in sy krag te lei.

In ons verse vir vandag gee Paulus aan ons opdrag om ons vorige leefwyse, die ou self wat deur bedrieglike begeertes verdorwe is, opsy te stel en ons verstand te vernuwe met God se waarheid. Hy sê ook vir ons om die nuwe self aan te trek, geskape na die gelykenis van God, in ware geregtigheid en heiligheid. Met ander woorde, ons kan die “ou klere” wat ons eens gedra het toe ons Jesus nie geken het nie, weggooi. Daardie “ou klere” is nie meer nodig nie, en weerspieël nie meer ons verandering en wie ons nou in Christus is nie. Nou kan ons onsself beklee met die borsharnas van geregtigheid.

Dit kan aanloklik wees om te glo dat ons moet voldoen aan die standaarde wat deur die samelewing of deur diegene rondom ons gestel word. Maar Paulus herinner ons daaraan dat, alhoewel ons vroeër so geleef het, ons nou in Christus is en ‘n nuwe karakter gegee is: ons het nou die dinge lief wat heilig is en eer bring aan God. En al sondig ons steeds en faal ons, bekeer ons ons van ons sondes, en maak ons nie verskonings of gaan daarmee voort nie.

So, hoe trek ons hierdie nuwe self aan? Deur ons gedagtes te vernuwe. Dit beteken dat ons voortdurend ons gedagtes moet vul met die waarheid van God se Woord, elke belofte moet glo en sy Woord toelaat om ons gedagtes en dade te vorm. Dan, wanneer ons oor die Skrif nadink en die Heilige Gees se leiding soek, sal ons bemagtig word om in die nuwe karakter te leef wat God vir ons ontwerp het.

**GEBED**

Here Jesus, dankie dat U my verlede vergewe en vir my ‘n blink toekoms saam met U gee. Dankie vir die vryheid wat U my gegee het om nie meer in die skande van my verlede te lewe nie. Help my om my gedagtes te vernuwe met u waarheid. Amen.

## OORDENKING

*Week 2*

*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*

*Filippense 4:6–7*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Fokus hierdie week om te bid oor areas in jou lewe waar jy sukkel om vrede te vind. Miskien is dit die angstige gedagtes wat jou gedagtes vul die oomblik wat jy wakker word of die gedagtes wat jou aanhou bombardeer terwyl jy probeer aan die slaap raak. Wat ook al jou stryd is wat veroorsaak dat jy 'n gebrek aan vrede het, skryf dit neer in jou gebedsjoernaal of op 'n notakaart en bid daaroor elke keer as daar 'n angstige gedagte by jou opkom. Leer om negatiewe gedagtes te vervang met wat waar, edel, reg en rein is.*

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

.............................................................................................................................................

## LEES

*Week 3 • Maandag*

*Efesiërs 6:10-18*

erder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11 Trek die volle
wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die
listige aanslae van die duiwel. 12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar
teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen
elke bose gees in die lug. 13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God
julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die
stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. 14 Bly dan op
julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur
God as borsharnas, 15 en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig
as skoene aan die voete. 16 Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê,
want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. 17 Sit verlossing
as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. 18 Doen dit
alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam
en bid gedurig vir al die gelowiges.

## SOAP

*Week 3 • Maandag*

SOAP / *Efesiërs 6:15*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Maandag*

**SOAP:**

*Efesiërs 6:15*

*En die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete.*

**OORDENKING**

Ons weet almal skoene is ‘n noodsaaklike deel van elke uitrusting. Wanneer ons skoene nie die regte styl is of nie reg pas nie, as hulle te klein of te groot is, kan hulle ons dag maak of breek, of dit nou op pad is vir ‘n vinnige stappie, ‘n gemaklike uitstappie vir inkopies of ‘n professionele raadsvergadering is.

Romeinse soldate het ook geweet hoe belangrik dit is om die regte skoene vir ‘n geveg te dra. Hulle het sandale gedra met spykers aan die onderkant van hul skoene. Dit het hulle gehelp om vas te staan in hul gevegte, soos ons moderne spykerskoene.

God rus ons in sy liefde toe met ‘n onwrikbare fondament in die gordel van waarheid. Hy beklee ons in sy geregtigheid deur ons borsharnas van geregtigheid. En Hy gee vir ons skoene wat vrede verskaf, selfs wanneer alles om ons verkrummel. Dit is ongelooflik wat ‘n goeie paar skoene kan doen!

Wanneer ons kies om in die skoene te staan wat God met liefde vir ons gepas het, kan ons die vertroue hê dat Hy by ons is, maak nie saak wat oor ons pad kom nie. Hierdie vrede gee ons die krag om vas te staan in die aangesig van opposisie. Dit is die Goeie Nuus van verlossing deur Jesus Christus en dit bring vrede in ons harte en gedagtes, selfs te midde van onstuimigheid en onsekerheid.

**GEBED**

Here Jesus, dankie dat, maak nie saak wat in my lewe aangaan nie, U het my reeds die vrede gegee wat ek nodig het. Dankie dat U vrede verskaf wanneer ek voel dat ek nie uit die woedende storm kan kom nie. Amen.

## LEES

*Week 3 • Dinsdag*

*Filippense 4:6-9*

Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en
smeking en met danksegging aan God bekend. 7 En die vrede van God wat alle
verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus
Jesus. 8 Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat
rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige
saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig. 9 En wat julle van
my geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet julle doen. En God
wat vrede gee, sal by julle wees.

## SOAP

*Week 3 • Dinsdag*

SOAP / *Filippense 4:6–7*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Fillipense 4:6–7*

*Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes in gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*

**OORDENKING**

Dit is moeilik om Paulus se opdrag te begryp om oor niks besorg te wees nie. Net vanoggend, voordat ek hierdie oordenking begin skryf het, was my hart en gemoed gevul met besorgde gedagtes oor die gebeure van my dag. Dit is moeilik om nie bekommerd te wees in 'n wêreld vol spanning nie. En tog bemoedig Paulus ons deur te sê dat die vrede van God ons harte en gedagtes sal bewaar sodat ons oor niks bekommerd hoef te wees nie.

Ek hou van die woord "wag" in hierdie vertaling. Dit beteken nie dat aanvalle nie oor ons pad sal kom nie. Dit beteken nie dat storms nie sal inwaai nie. Maar wat dit wel beteken, is dat God ons in hierdie aanvalle kan beskerm.

Wanneer ons tot God bid en ons versoeke aan Hom bekend maak, belowe Hy om aan ons vrede te gee wat ons verstand te bowe gaan. Hierdie vrede is nie afhanklik van ons omstandighede nie, maar van ons verhouding met God. Ons kan vertrou dat Hy ons harte en gedagtes sal bewaar terwyl ons ons bekommernisse aan Hom oorgee.

Al woed 'n onsigbare stryd oral om ons, hoef ons nie bang te wees nie. Aangesien ons in die evangelie van vrede glo, weet ons dat ons reg is met God. En as God vir ons is, wie kan teen ons wees (Sien Romeine 8:31)? Daarom kan ons vrede hê te midde van kankerdiagnoses. Vrede te midde van ongewenste egskeidingsdokumente. Vrede te midde van leë bankrekeninge. God gee vir ons sy vrede, en dit is presies wat ons nodig het om vas te staan en sterk te staan.

**GEBED**

Here Jesus, dankie vir die vrede wat U aan my gee. Dankie dat U die storm binne-in my stilmaak selfs al bly die storm om my woed. Ek vertrou U hierin. Help my om standvastig te bly, want U is my fondament. Help my om my oë net op U gerig te hou en die vrede te ervaar wat net U kan gee.

## LEES

*Week 3 • Woensdag*

*Efesiërs 2:13-18*

Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe
het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus. 14 Christus is ons vrede,
Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het
Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos ‘n muur skeiding gemaak het. 15
Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede
te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid
verenig. 16 Deur sy dood aan die kruis het Hy ‘n einde gemaak aan die vyandskap
en dié twee met God versoen en tot een liggaam verenig. 17 Toe Hy gekom het,
het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God
was, vrede ook vir dié wat naby was. 18 Deur Hom het ons almal, Jode en nie-
Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader.

**SOAP**

*Week 3 • Woensdag*

SOAP / *Efesiërs 2:17*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Woensdag*

**SOAP:**

*Efesiërs 2:17*

*Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir dié wat naby was.*

**OORDENKING**

Die vrede wat Jesus bied is vir almal, dié wat naby is en dié wat ver van Hom af is. Dit is ‘n vrede wat nie net vir ‘n paar uitgesoektes is nie, maar vir almal wat hulle geloof in Jesus plaas. Hierdie vrede word ongeag ons foute van die verlede, ons huidige omstandighede of ons toekomsbesluite gegee. Ons kan almal die vrede smaak wat voortspruit uit ‘n persoonlike verhouding met God en wanneer ons volkome met Hom versoen is.

God se vrede kan alle begrip te bowe gaan en ons harte vol maak, selfs te midde van chaos en onrus. Dit is God se vrede wat ons almal nodig het. Skep daarom moed, liewe vriendin, wanneer jy voor uitdagings te staan kom of oorweldig voel: Jy is nie alleen nie, al woed daar ‘n geestelike stryd oral om jou! Hou vas aan die vrede van God wat Hy genadiglik voorsien, en vertrou op sy liefde en omgee vir jou.

Terwyl jy sy vrede ervaar, vertel ander daarvan omdat jy weet dat dit ‘n boodskap van hoop en ‘n blik op die liefde van God is. Hy het jou toegerus met presies die regte skoene vir hierdie reis. Gebruik dit om ander die vrede te help ervaar wat net God kan gee, die enigste vrede wat die storms van die lewe wat ons almal verduur, kan laat bedaar.

**GEBED**

Dierbare Here Jesus, dankie dat U u vrede gee aan elkeen wat na U roep. Dankie dat U in ons storms van angs, vrees en pyn intree. Kalmeer ons harte en gedagtes met u vrede, en help ons om u vrede met diegene om ons te deel.

**LEES**

*Week 3 • Donderdag*

*Jesaja 52:7*

Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: "Jou God is Koning!"

## SOAP

*Week 3 • Donderdag*

**SOAP** / *Jesaja 52:7*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Donderdag*

**SOAP:**

*Jesaja 52:7*

*Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: "Jou God is Koning!"*

**OORDENKING**

Daar was nog nooit vir God 'n beter tyd as nou om 'n geslag vroue op te rig wat passievol daaroor is om die evangelie van vrede in hulle gemeenskappe en invloedsfere uit te dra nie.

Met die lees van Jesaja 52:7 word ons sterk herinner aan die Goeie Nuus wat aan ons gegee is om aan die wêreld te verkondig: "Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: 'Jou God is Koning!'"

Dit is nou die tyd om ander te help sien dat daar meer is omtrent hierdie wêreld as wat ons fisies kan sien. God het ons elkeen geroep om 'n boodskapper van sy liefde en genade aan diegene rondom ons te wees.

Van nature het ons nie vrede met God nie, maar is ons sy vyande wat in rebelse trots leef. Ons verantwoordelikheid is om die evangelie van vrede te verkondig en vir mense te sê dat hulle hul na God kan wend en na Jesus toe kom vir vergifnis. Ongeag of dit is deur ons woorde, dade of bloot hoe ons lewe, ons het die voorreg en verantwoordelikheid om die Goeie Nuus van verlossing en die vrede wat net God bied, te verkondig.

Die Goeie Nuus van verlossing is nie net vir ons nie: dit is vir almal. Ons is bevoorreg om dit vir die wêreld te kan vertel. Kom ons skep moed, tel ons koppe op en gaan met blydskap verder want ons weet ons voete is pragtig omdat hulle die boodskap van die Goeie Nuus van ons Here en Verlosser, Jesus Christus, uitdra.

**GEBED**

Dierbare Here Jesus, dankie dat U hierdie opdrag vir my gegee het. Help my om met vertroue in u krag te wandel en vir ander te vertel van hierdie lewensveranderende vrede wat hulle net in U kan vind. Bring mense wat U moet leer ken in my lewe in. Amen.

## LEES

*Week 3 • Vrydag*

*Kolossense 3:12-17*

Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. 13 Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. 14 Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. 15 En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar. 16 Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing. 17 En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

## SOAP

*Week 3 • Vrydag*

SOAP / *Kolossense 3:15*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

APPLICATION / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

PRAYER / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 3 • Vrydag*

**SOAP:**

*Kolossense 3:15*

*En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar.*

**OORDENKING**

In Kolossense 3:12–17 kry ons 'n pragtige voorstelling van die nuwe lewe wat ons in Christus het. In vers 15 word ons herinner aan die liefde en eenheid wat ons verhoudings met mekaar moet kenmerk.

Ongelukkig is dit vir baie van ons nie die ware toedrag van sake nie. Satan het baie goed daarin geslaag om verdeeldheid in die liggaam van Christus te veroorsaak.

As gelowiges word ons geroep om in vrede met mekaar te leef en die liefde van Christus in ons harte te laat heers. Dit beteken om ons verskille, ons vooroordele en ons griewe opsy te skuif en te kies om lief te hê en te vergewe soos Jesus ons liefgehad en vergewe het. Hierdie liefde is nie net vir diegene wat maklik is om lief te hê nie, maar vir almal, ook diegene met wie dit dalk moeilik is om oor die weg te kom. Dit is 'n liefde wat verder as omstandighede reik en is gewortel in Jesus se offerande aan die kruis.

Ons almal het God se vergifnis aan die voet van die kruis nodig. Ons is almal sondaars wat 'n Verlosser nodig het.

Die verandering moet by ons begin. God het ons die vrede gegee wat ons wêreld so desperaat nodig het. Nou is die tyd om ons geloof in ons lewens in werking te stel. God het ons presies die regte skoeisel vir hierdie geestelike stryd gegee: skoene wat ons gereed maak om die evangelie van vrede te verkondig aan 'n wêreld wat teen God gekant is. Jesus is ons vrede, Hy het ons sondes weggeneem sodat ons in vrede met God kan lewe. En Hy stel ons in staat om in vrede te leef met ons Christensusters en -broeders, ongeag ras, status of agtergrond.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, dankie vir die vrede wat ons in U het en die eenheid wat kom deurdat ons lede van een liggaam is. Help my om te kies om in liefde en vrede in my lewe te wandel. Gebruik my om 'n verdeelde wêreld die liefde van Jesus te help sien. Amen.

## OORDENKING

*Week 3*

*Die Here is getrou; Hy sal jullle versterk en jullle van die Bose bewaar.*

*2 Tessalonisense 3:3*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Fokus hierdie week daarop om jou geloof tot aksie te bring. Haal weer jou notakaarte of joernaal uit en skryf sommige van die beloftes van God neer. Skryf dan langs die belofte van God hoe jy in geloof vorentoe kan stap in 'n spesifieke area van jou lewe rakende daardie belofte en bid oor elkeen.*

## LEES

*Week 4 • Maandag*

*Efesiërs 6:10-18*

Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11 Trek die volle
wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die
listige aanslae van die duiwel. 12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar
teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen
elke bose gees in die lug. 13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God
julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die
stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. 14 Bly dan op
julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur
God as borsharnas, 15 en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig
as skoene aan die voete. 16 Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê,
want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. 17 Sit verlossing
as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. 18 Doen dit
alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam
en bid gedurig vir al die gelowiges.

## SOAP

*Week 4 • Maandag*

SOAP / *Efesiërs 6:16*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Maandag*

**SOAP:**

*Efesiërs 6:16*

*Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer.*

**OORDENKING**

Party dae kan dit voel asof ons die een geveg op die ander moet trotseer. En dan, net soos dit voel asof ons 'n blaaskans kry en weer asem kan skep, breek nog 'n brander bo-oor ons.

Ons wêreld kan donker, onbestendig en uitputtend wees met baie gevegte wat ons probeer onderkry. Ons hoef egter nie in vrees te lewe nie. In sy liefde en genade het God vir ons die heel beste wapen gegee om sterk te staan te midde van ons gevegte: die skild van geloof.

Daar is 'n sterk verband tussen die gordel van waarheid en die skild van geloof sover dit geestelike oorlogvoering betref. Om die skild van geloof op te neem, moet ons die waarheid en beloftes van God ken. Geloof is 'n innerlike oortuiging, die reaksie op wat ons weet waar is.

Wanneer ons styf aan God se Woord vashou en in geloof reageer, kan die skild van geloof ons beskerm teen die vurige pyle wat die vyand na ons toe afskiet. Hierdie pyle kan in die vorm van twyfel, vrees, versoeking en veel meer kom. Maar wanneer ons op die Here vertrou en sy Woord ken, is ons toegerus met die kennis, krag en moed om enige aanval af te weer.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, dankie dat U ons toerus met presies die regte wapens om die geestelike aanvalle teen ons te oorwin. Gee my 'n begeerte om u Woord te ken sodat ek my skild van geloof kan ophou wanneer vurige pyle op my gerig word. Help my om nie net te weet wat u Woord sê nie, maar om die geloof te hê om dit te glo en vas te staan onder die dekking van die skild van geloof. Amen.

## LEES

*Week 4 • Dinsdag*

*Markus 9:14-29*

Toe hulle weer by die ander dissipels kom, sien hulle ‘n groot menigte mense daar rondom hulle en skrifgeleerdes wat met hulle redeneer. 15 Die hele menigte was verras toe hulle Jesus skielik sien, en het nader gehardloop om Hom te verwelkom. 16 Hy het vir die skrifgeleerdes gevra: “Waaroor redeneer julle met my dissipels?” 17 Een van die mense het Hom geantwoord: “Meneer, ek het my seun na U toe gebring omdat hy van ‘n gees besete is wat hom stom maak. 18 En elke keer as die gees hom gryp, gooi hy hom op die grond neer. Dan kry hy skuim om die mond en hy kners op sy tande, en sy spiere trek saam. Ek het u dissipels gevra om die gees uit te drywe, en hulle kon nie.” 19 Jesus sê toe vir hulle: “Ongelowige geslag, hoe lank moet Ek nog by julle wees? Hoe lank moet Ek julle nog verdra? Bring hom hier na My toe.” 20 Hulle het die seun na Hom toe gebring. Net toe die gees vir Jesus sien, het hy die seun geweldige stuiptrekkings laat kry. Hy het op die grond neergeslaan en rondgerol, met skuim om die mond. 21 Jesus het vir die pa gevra: “Hoe lank is dit al dat dit hom oorkom?” 22 “Van kleins af,” antwoord hy, “en baie keer het die gees hom al in vuur en in water gegooi om hom dood te maak. As U tog miskien iets daaraan kan doen, kry ons jammer en help ons.” 23 “ ‘As U iets kan doen,’ sê jy,” antwoord Jesus. “Vir die een wat glo, kan alles.” 24 “Ek glo,” roep die seun se pa dadelik uit. “Help my in my ongeloof.” 25 Toe Jesus sien dat ‘n menigte mense aangestroom kom, het Hy die onrein gees skerp aangespreek: “Jou stom en dowe gees, Ek gebied jou: Gaan uit hom uit en moet nooit weer in hom invaar nie!” 26 Die gees het hom laat skreeu en hewige stuiptrekkings laat kry en toe uit hom uitgegaan. Dit het gelyk of die seun dood is, sodat baie mense gesê het: “Hy is dood.” 27 Jesus het hom egter aan die hand gevat en opgehelp, en hy het opgestaan. 28 Nadat Jesus huis toe gegaan het, toe hulle alleen was, het sy dissipels Hom gevra: “Waarom kon ons die gees nie uitdrywe nie?” 29 Hy het vir hulle gesê: “Hierdie goed kan met niks anders as met gebed uitgedrywe word nie.”

## SOAP

*Week 4 • Dinsdag*

SOAP / *Markus 9:23–24*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Markus 9:23–24*

*" 'As U iets kan doen,' sê jy," antwoord Jesus. "Vir die een wat glo, kan alles."*

*"Ek glo," roep die seun se pa dadelik uit. "Help my in my ongeloof."*

**OORDENKING**

Soos hierdie pa, het ek vasgevang gevoel tussen om God op sy Woord te neem en die worsteling met twyfelinge wat in my gedagtes insluip. Maar deur hierdie verhaal herinner Jesus ons liefdevol daaraan dat, by God, alle dinge moontlik is.

Wat presies is geloof? Geloof is 'n aksie in reaksie op wat jy weet waar is uit God se Woord. Daarom is waarheid en geloof so nou met mekaar verbind. As jy nie weet wat God se Woord sê nie, sal jy nie die geloof hê om op te tree volgens wat God sê waar is nie. Geloof is om die woorde van die Een te vertrou wat jy as waar en betroubaar leer ken het, dit is om Hom op sy Woord te neem.

Ons moet die moed hê om in die onmoontlike te glo, net soos hierdie pa. Ons moet nooit vergeet dat ons net 'n gedeelte sien van wat rondom ons gebeur nie. Op die oomblik sien ons die lewe met oë wat deur 'n sluier bedek is, maar eendag sal dit nie meer so wees nie. Tot dan neem ons God op sy Woord, en glo Hy het die krag om ons te genees, ons te lei en vir ons te voorsien volgens sy wil.

Dit beteken nie dat dit maklik is om ons geloof uit te leef nie. Ons staan voor baie uitdagings en struikelblokke wat dreig om ons geloof te skud. Maar, net soos die vader in hierdie vers, kan ons ook tot ons Here roep en sy hulp vra in ons ongeloof.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, soveel keer het ek gevoel net soos hierdie vader; ek wil glo, maar worstel met ongeloof. Help my om 'n vrou te wees wat nie net U Woord ken nie, maar wat gehoorsaam in geloof wandel as gevolg van U Woord. Help my om 'n geloofsvervulde lewe te lei wat U eer. Amen.

## LEES

*Week 4 • Woensdag*

*Psalm 18:1-50*

Vir die koorleier. ʻn Lied van Dawid, die dienaar van die Here. Hy het dié woorde
tot die Here gerig op die dag toe die Here hom gered het uit die mag van al sy
vyande en uit die mag van Saul. 2 Hy het gesê: Ek het U baie lief, Here, my
Sterkte. 3 Die Here is my rots, my skuilplek en my redder, my God, my rots, by
wie ek skuil, my skild en sterk verlosser, my veilige vesting. 4 Onder bespotting
roep ek na die Here, dan word ek van my vyande verlos. 5 Bande van die dood
het my omsluit, strome van onheil het my verskrik. 6 Bande van die doderyk
het my vasgetrek, strikke van die dood het my bedreig. 7 In my nood roep ek na
die Here, ja, ek roep om hulp na my God. In sy paleis hoor Hy my geroep. Ek
roep na Hom om hulp, en Hy luister na my. 8 Die aarde het geskud en gebewe,
die fondamente van die berge het getril en geskud, want Hy was vertoorn. 9
Rook het uit sy neus getrek, vuur uit sy mond het alles verteer, gloeiende kole
uit sy binneste. 10 Hy het die hemel afgebuig en afgekom, onder sy voete was
duisternis. 11 Hy het op ʻn gerub geklim en gevlieg; op die vleuels van die wind
het Hy nadergesweef. 12 Hy het Hom in donkerte gehul, donker waters en
wolkemassas was sy bedekking. 13 Uit die gloed voor Hom het wolke getrek, hael
en weerligstrale. 14 Die Here het dit uit die hemel laat dreun, die Allerhoogste
het sy stem laat hoor in hael en weerligstrale. 15 Hy het sy pyle afgeskiet en die
vyand uitmekaar gejaag, hulle met ʻn menigte weerligstrale op loop gejaag. 16
Die seebodem het sigbaar geword, die fondamente van die aarde is blootgelê
deurdat U, Here, op hulle gebulder het met die orkaan van u toorn. 17 Van bo
af het Hy sy hand uitgestrek en my gegryp, my uit geweldige waters uitgelig. 18
Hy het my gered van my vyand wat sterk was, van my haters toe hulle vir my
te magtig was. 19 Die dag toe hulle my aangeval het, was my ondergang naby,
maar die Here het my daarvan bewaar. 20 Hy het my in vryheid laat uitgaan,
my gered omdat Hy my liefhet. 21 Die Here het aan my reg laat geskied, Hy het
my onskuld aanvaar, 22 want ek het die wil van die Here gehoorsaam en my nie
teenoor my God skuldig gemaak nie; 23 ek het my deur al sy bepalings laat lei
en nie van sy voorskrifte afgewyk nie. 24 Ek was opreg voor Hom, ek was op my
hoede teen enige ongeregtigheid. 25 Die Here het aan my reg laat geskied, want
ek was onskuldig in sy oë. 26 U betoon U getrou teenoor die getroue, opreg

## LEES

*Week 4 • Woensdag*

teenoor die opregte, 27 rein teenoor die reine, maar U verwerp die huigelaar.
28 U red die verdrukte volk, U verneder die trotses. 29 U, Here, laat my lamp
helder skyn; my God gee lig as dit donker is om my. 30 Met u hulp loop ek 'n
oormag storm, met my God by my is geen stadsmuur vir my te hoog nie. 31 Wat
God doen, is volmaak; wat die Here sê, is suiwer. Elkeen wat by Hom skuiling
soek, beskerm Hy. 32 Waarlik, wie anders as die Here is God? Ja, wie anders as
ons God is 'n rots? 33 God omgord my met krag; Hy maak my pad voorspoedig.
34 Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok; op hoë plekke laat Hy my stewig
staan. 35 Hy leer my hande om oorlog te maak, my arms om selfs die stramste
boog te span. 36 Die redding wat U gebring het, was vir my 'n beskerming, u
regterhand het my ondersteun, deur u hulp het ek sterk geword. 37 U het my
ruim vastrapplek gegee, my enkels het nie geswik nie. 38 Ek het my vyande
agtervolg en ingehaal, ek het nie omgedraai voordat hulle uitgewis was nie. 39
Ja, ek het hulle verpletter, sodat hulle nie weer kon opstaan nie. Hulle het voor
my voete gesneuwel. 40 U het my met krag omgord vir die stryd, U het my
teëstanders voor my laat swig. 41 U het my vyande voor my laat vlug en ek kon
my haters uitwis. 42 Hulle roep om hulp en daar is niemand wat help nie; hulle
roep selfs na die Here, maar Hy antwoord hulle nie. 43 Ek maak hulle fyn soos
stof in die wind, ek laat hulle wegspat soos modder in die strate, ja, ek vermorsel
hulle. 44 U het my gered van opstandige mense, my as hoof van vreemde nasies
aangestel. 'n Volk wat ek nie geken het nie, is my onderdane. 45 Wie ook al van
my verneem, gehoorsaam my. Vreemde volke kruip voor my. 46 Hulle skrik en
kom bewend uit hulle forte uit. 47 Die Here leef! Ek loof Hom wat my rots is.
Ek prys my God wat my gered het. 48 Dit is God wat my die oorwinning gee,
wat volke aan my onderwerp. 49 Hy red my van my vyande. Ja, U stel my buite
bereik van my teëstanders, U bevry my van geweldenaars. 50 Daarvoor sal ek U
loof voor die nasies, Here, tot eer van u Naam 'n lofpsalm sing! 51 Dit is Hy wat
aan sy koning groot oorwinnings gee en trou aan sy gesalfde betoon, aan Dawid
en sy nageslag vir altyd!

## SOAP

*Week 4 • Woensdag*

SOAP / *Psalm 18:31*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Woensdag*

**SOAP:**

*Psalm 18:31*

*Wat God doen, is volmaak; wat die Here sê, is suiwer.*
*Elkeen wat by Hom skuiling soek, beskerm Hy.*

**OORDENKING**

Ek hou ongelooflik baie van die vertaling van hierdie vers wanneer dit sê: "Wat God doen, is volmaak." Ons God is ʻn getroue God. Wat Hy belowe, kom Hy na. Hy is die Beloftehouer, en ons kan Hom op Sy Woord neem.

As gevolg van wie Hy is, kan ons Hom vertrou wanneer die skenkings nie inkom nie, wanneer die pad vorentoe onduidelik lyk en wanneer dit lyk of die mure van alle kante inval. Ons is nie ʻn lewe sonder storms en beproewings belowe nie, maar ons is belowe dat ons nie die storms en beproewings alleen deurstaan nie.

Wanneer die winde van twyfel, vrees en bekommernis ons begin oorval, kan ons rus in die waarheid dat ons God op ʻn getroue wyse optree. Ons God is getrou, Hy is ons skild, en ons kan by Hom skuil. Wanneer ons ons vertroue in die Here plaas, kan ons verseker wees dat Hy ons nooit sal verlaat of in die steeks sal laat nie. Hy is altyd by ons, lei ons en beskerm ons.

In die lig van hierdie waarheid, laat ons styf vashou aan ons geloof en vertroue in die Here. Hy is ons skild en ons toevlug. Soos ons ons geloof in Hom plaas, sal Hy ons deur die lewe se uitdagings lei en ons die vrede en krag gee wat ons nodig het om elke môre die hoof te bied.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, dankie vir u getrouheid aan my. Dankie dat U u beloftes nakom. Dankie dat U betroubaar is. U is my skild en my skuiling teen die storms en stryd wat oor my pad kom. Dankie dat U my veilige plek is. Dankie vir u liefde en beskerming, nou en vir altyd. Amen

## LEES

*Week 4 • Donderdag*

*2 Tessalonissense 3:1-5*

Verder, broers, bid vir ons, sodat die woord van die Here vinnig mag versprei en oral in ere gehou mag word soos by julle. 2 Bid ook dat ons van verkeerde en slegte mense verlos word, want nie almal is gelowiges nie. 3 Die Here is getrou; Hy sal julle versterk en julle van die Bose bewaar. 4 Deur die Here het ons vertroue in julle dat julle doen en sal doen wat ons julle voorhou. 5 Mag die Here julle gedagtes rig op die liefde van God en die volharding van Christus!

## SOAP

*Week 4 • Donderdag*

**SOAP** / *2 Tessalonisense 3:3*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 4 • Donderdag*

**SOAP:**

*2 Tessalonisense 3:3*

*Die Here is getrou; Hy sal julle versterk en julle van die Bose bewaar.*

**OORDENKING**

Daar is ‘n verskil tussen waaksaam wees en in vrees leef. Ons word geroep om bewus te leef van die geestelike stryd wat oral om ons woed en ons in ons fisiese wêreld beïnvloed. Maar ons moenie daarvoor bang wees nie.

Ja, ons het ‘n vyand, en sy doel is ons vernietiging. Maar ons leef nie in vrees vir hom of wat hy aan ons kan doen nie, want ons weet dat Jesus, die Een wat in ons woon, groter is as ons vyand (Sien Johannes 16:33).

God het geen gelyke nie. God is onbeperk. Satan en sy demone is beperk. Om ‘n akkurate siening van God te hê is krities vir ons geloofsvlak. As ons God as swak of beperk beskou, sal ons gewilligheid om Hom te vertrou en te glo dat Hy getrou is ook swak en beperk wees. As ons God nie as almagtig beskou nie, sal dit moeilik wees om geloof in Sy krag en beskerming te hê.

Ons geloof moet gegrond wees in die werklikheid, die waarheid van God en wat Hy in die Bybel gesê en gedoen het. Wanneer ons dit vertrou, sal ons in ons kennis van en geloof in God kan groei. Soos ons siening van God groei, groei ons geloof ook.

Al leef ons in ‘n wêreld vol versoekings en gevaar, kan ons verseker wees dat God altyd daar is om ons te beskerm en te versterk.

Wanneer ons ons skild van geloof opneem en ons vertroue in die Here stel, weet ons sonder twyfel dat God met ons is en Hy ons nooit sal begewe of verlaat nie. God is getrou en waaragtig, en Hy sal altyd daar wees om ons te lei en te beskerm teen die Bose. Met die Here aan ons kant kan ons enige uitdaging of beproewing wat oor ons pad kom, oorkom.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, dankie dat ek nie my lewe in vrees hoef te leef nie. Dankie vir U beskerming oor my en my gesin. Verhoog asseblief my begrip en siening van U. Dankie vir U getrouheid aan my vandag en vir altyd. Amen.

## LEES

*Week 4 • Vrydag*

*1 Johannes 5:4-5*

want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. 5 Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?

## SOAP

*Week 4 • Vrydag*

**SOAP** / *1 Johannes 5:4–5*
**SCRIPTURE** / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

**OBSERVATION** / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 4 • Vrydag*

**SOAP:**

*1 Johannes 5:4–5*

*Want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof. Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?*

**OORDENKING**

Daar is 'n kragtige verband tussen geloof en verlossing. As kinders van God deel ons in God se oorwinning oor die wêreld en alles wat in die wêreld is. Deur ons geloof in Jesus Christus te plaas, word ons die krag gegee om enige struikelblok wat oor ons pad kom te oorkom. Ons word die krag gegee om elke dag met vertroue tegemoet te gaan, met die wete dat dit nie saak maak wat gebeur nie, ons is nie alleen nie.

Ons kan nooit die krag van ons geloof onderskat nie, want deur Christus is ons meer as oorwinnaars (Sien Romeine 8:37). Ons geloof is 'n totale steun op wat ons weet waar is, selfs al sien ons dit nog nie. Ons geloof in God en sy Woord is die geheim van oorwinning in al ons gevegte.

Ons moet nooit vergeet dat dit deur geloof was wat Noag, Abraham, Moses, Ragab en baie ander oorwin het nie. Deur geloof het elkeen van hulle God op sy Woord geneem en in gehoorsaamheid vorentoe gestap, en deur geloof kan ons dieselfde doen. Soos hulle stel ons nie ons vertroue in onsself of in ander mense nie, maar ons berus ons slegs in God, Sy getrouheid, beloftes en – bowenal – sy reddingswerk deur Jesus Christus.

Mag ons nie moedeloos word deur ons beproewinge en onsigbare gevegte nie. Kom ons neem eerder ons skilde van geloof op, wetende dat ons meer as oorwinnaars is as gevolg van wie ons in Christus is.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, dankie dat U die wêreld oorwin het en ons die krag gee om dit ook te doen. Dankie dat U ons toegelaat het om te deel in U oorwinning oor hierdie wêreld. Help ons om vorentoe te stap deur geloof soos Abraham, Ragab en vele ander. Amen.

## OORDENKING

*Week 4*

Verder, broers, alles
wat waar is, alles
wat edel is, alles
wat reg is, alles
wat rein is, alles
wat mooi is, alles
wat prysenswaardig
is – watter deug of
lofwaardige saak
daar ook mag wees
– daarop moet julle
julle gedagtes rig.

Filippense 4:8

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Fokus hierdie week daarop om die helm van verlossing aan te trek deur jou gedagtes gevange te neem. Maak 'n lys van 'n paar van die gedagtes wat jy op 'n daaglike basis het en lys of jy dink daardie gedagtes van God af is en of dit leuens van die vyand is. Vervang hierdie week enige slegte gedagtes met God se Woord. Fokus jou gedagtes op die hoop wat jou verlossing verskaf deur alles te lys waarvan God jou gered het en alles waarna jy kan uitsien as gevolg van Christus.*

## LEES

*Week 5 • Maandag*

*Efesiërs 6:10-18*

Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11 Trek die volle
wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die
listige aanslae van die duiwel. 12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar
teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen
elke bose gees in die lug. 13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God
julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die
stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. 14 Bly dan op
julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur
God as borsharnas, 15 en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig
as skoene aan die voete. 16 Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê,
want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. 17 Sit verlossing
as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. 18 Doen dit
alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam
en bid gedurig vir al die gelowiges.

## SOAP

*Week 5 • Maandag*

SOAP / *Efesiërs 6:17*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Maandag*

**SOAP:**

*Efesiësiers 6:17*

*Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God.*

**OORDENKING**

Baie dikwels word die gevegte wat ons in die gesig staar, in ons gedagtes verloor of gewen. Dit is omdat ons in 'n gevalle wêrelde leef en satan hou daarvan om ons gedagtes te teiken. Hy begin dikwels sy aanvalle eerste daar waar niemand anders die geveg kan sien nie. As hy kan aanhou om die leuens, beskuldigings en ingeoefende spyt wat in ons gedagtes versteek is na vore te bring, dan sal dit vir ons baie moeilik wees om te luister hoe iemand die waarheid praat in ons situasie. Wanneer dit gebeur is die stryd dikwels verlore nog voordat dit begin het, maar God het vir ons nog 'n wapenrusting gegee, ons helm van verlossing.

Satan weet as hy ons daarvan kan weerhou om te verstaan wat ons in die helm van verlossing het, het hy ons reeds 'n geweldige slag toegedien. Ons helm van verlossing gaan verder as net om ons gedagtes teen vyandelike aanvalle te beskerm. Ons helm van verlossing help ons ook om ons lewens voluit te leef, hier en nou.

Deel van wat dit beteken om die helm van verlossing te dra is om elke dag te leef in die lig van die ewigheid en ons beloofde toekoms. Om met ons gedagtes ingestel op ons toekomstige glorie te lewe sal 'n impak hê op wat ons in die hede doen. Ons helm van verlossing gee ons oneindige hoop vir ons veilige ewigheid saam met Jesus. Die genade wat God aan ons gegee het deur geloof in Christus is al wat ons nodig het vir redding, sowel as om daagliks geheilig te word om meer soos Christus te word.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, dankie vir die helm van verlossing en hoe dit ons gedagtes bedek teen onsigbare aanvalle. Help ons om net na u stem te luister en die stem van ons vyand te herken. Help ons om te leer om ons gedagtes te bewaar en dankie by voorbaat dat U ons verlos het van die geestelike slawerny en vestings waarmee ons worstel. Amen.

## LEES

*Week 5 • Dinsdag*

*Kolossense 3:1-11*

Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na
die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. 2
Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde
is nie, 3 want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in
God. 4 Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle
ook saam met Hom verskyn en in sy heerlikheid deel. 5 Daarom moet julle die
aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid,
wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is. 6 Deur sulke dinge kom
die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is. 7 Vroeër het
julle ook aan dié dinge meegedoen toe julle nog daarin gelewe het. 8 Maar nou
moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal
moet daar nie uit julle mond kom nie, 9 en moenie vir mekaar lieg nie. Julle het
met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek 10 en leef nou die lewe van
die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en
tot die volle kennis van God. 11 Hier is dit nie van belang of iemand Griek of
Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is
Christus alles en in almal.

## SOAP

*Week 5 • Dinsdag*

SOAP / *Kolossense 3:2*

SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

**DAGSTUKKIE**

*Week 5 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Kolossense 3:2*

*Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie,*

**OORDENKING**

Dikwels kan ons gedagtes slagvelde wees tussen goeie en slegte gedagtes. As ons ons vernietigende gedagtes ongehinderd laat, kan hulle ons verstand en selfs ons fisiese liggame vergiftig. Wanneer ons doelbewus ons gedagtes op dinge hierbo stel verander dit die manier waarop ons ons daaglikse lewens beskou. ‘n Hemel-gefokusde ingesteldheid help ons om ons prioriteite in orde te hou en nie deur die bekommernisse van die lewe oorweldig te word nie.

Wanneer ons vergeet om die helm van verlossing te dra, laat ons ons gedagtes onbeskermed en blootgestel vir die aanvalle van die vyand. Net soos ‘n soldaat se helm sy of haar kop beskerm, so kan ons gedagtes ons geestelike welstand beskerm of benadeel. Dít waarop ons kies om te fokus, kan ons of opbou of afbreek. Ek weet dit kan maklik wees om vasgevang te word in die bekomemernisse en ontberings van hierdie wêreld en dit is hoekom ons ons gedagtes doelbewus op die hemel moet fokus, maak nie saak wat ons in hierdie wêreld in die gesig staar nie.

Deur ons gedagtes op die dinge hierbo te fokus, kies ons om te fokus op die dinge wat werklik saak maak - die dinge wat vir alle ewigheid sal duur. Dit beteken nie dat ons die moeilikheid van die lewe ignoreer nie, maar dit beteken dat ons dit in perspektief hou. Ons glo die beloftes van Jesus dat Hy besig is om ‘n plek in die hemel voor te berei vir dié wat aan Hom behoort. ‘n Plek van vrede sonder enige konflik of siekte. ‘n Plek van vertroosting waar Hy alle trane van ons oë sal afvee. ‘n Plek van liefde waar ons uiteindelik werklik tuis sal wees en volkome sal behoort. Ons hou vas aan die hoop wat in Jesus gevind word. Ons vertrou sy Woord, glo dat Hy altyd by ons is, ons altyd sal lei, ons versterk en ons beskerm.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, dankie dat U ons herinner aan die belangrikheid van ons gedagtes. Help ons om hemelgerigte gedagtes te hê sodat ons ons kan verheug oor wat U vir ons voorberei het. Help ons om die res van ons tyd op aarde te leef vir U eer in ons gedagtes, woorde en dade. Amen.

## LEES

*Week 5 • Woensdag*

*Romeine 12:1-2*

En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. 2 Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

## SOAP

*Week 5 • Woensdag*

SOAP / *Romeine 12:2*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Woensdag*

**SOAP:**

*Romeine 12:2*

*Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.*

**OORDENKING**

Dit kan maklik wees om vasgevang te word in die weë van die wêreld en die dinge wat die samelewing belangrik ag, maar as gelowiges in Christus het ons die Heilige Gees wat binne-in ons woon wat ons denke verander deur God se Woord. Soos Hy in ons werk help Hy ons om te leer om God se wil te onderskei en 'n lewe te lei wat vir Hom aanneemlik is.

Om ons gedagtes te vernuwe behels om doelgerig te wees om tyd in God se Woord te spandeer. Dit is meer as net om dit van tyd tot tyd te lees. Wanneer ons ons gedagtes met waarheid wil vernuwe moet ons nie net God se Woord lees nie, maar dit ook memoriseer en in ons lewens toepas. God se Woord moet altyd ons denke beïnvloed. In plaas daarvan om na die samelewing of sosiale media te kyk vir bevestigings, kyk ons na God se Woord en sien ons ons waarde as geliefde dogters van die Koning van die konings.

Hierdie proses gebeur nie oornag nie. Dag vir dag, deur doelbewus ou en vernietigende denkpatrone te vervang met dié wat gefokus is op die waarheid van wie Christus is, vind ons ons ware identiteit in Christus.

Om ons gedagtes te vernuwe moet 'n konstante keuse wees. Ons met God gereeld vra om ons te verander deur ons denke te vernuwe. Deur ons verstand te vernuwe genees God ons diepliggende wonde. Om die Heilige Gees te vra om ons daagliks te transformeer, verander ons gevoel van waarde. Wanneer ons vernietigende denkpatrone verwyder en dit vervang met die waarheid van God se Woord kan ons sy wil onderskei en vir Hom lewe. Jy is geliefd en gewaardeer, nie oor wat jy gedoen het nie, maar oor Wie s'n jy is.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, dankie dat U my gedagtes vernuwe met u Woord. Help my om te genees van enige vernietigende denkpatrone wat ek in my verlede gehad het en help my om dit met u waarheid te vervang met die wete dat my identiteit en waarde in U gevind word. Amen.

**LEES**

*Week 5 • Donderdag*

*1 Tessalonisense 5:1-11*

Oor die tyd en omstandigheid wanneer hierdie dinge sal gebeur, is dit nie nodig
om aan julle te skrywe nie, broers. 2 Julle weet self maar alte goed dat die dag van
die Here onverwags kom soos 'n dief in die nag. 3 Wanneer die mense sê: "Alles
is rustig en veilig," sal die ondergang hulle skielik oorval soos geboortepyne 'n
swanger vrou, en niemand sal ontkom nie. 4 Maar, broers, julle leef nie in die
duisternis nie; dié dag sal julle nie soos 'n dief oorval nie. 5 Julle is tog almal
mense van die lig, mense van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis
nie. 6 Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons wakker bly en
nugter wees. 7 Dié wat slaap, is van die nag; en dié wat hulle dronk drink, is van
die nag. 8 Maar ons wat van die dag is, moet nugter wees; ons moet geloof en
liefde as borsharnas dra en die hoop op verlossing as helm. 9 God het ons tog nie
bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te
word. 10 Hy het ter wille van ons gesterwe, sodat ons, of ons by sy koms nog lewe
of reeds dood is, saam met Hom kan lewe. 11 Praat mekaar moed in en versterk
mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.

**SOAP**

*Week 5 • Donderdag*

SOAP / *1 Tessalonisense 5:8–9*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION /** *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER /** *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 5 • Donderdag*

**SOAP:**

*1 Tessalonisense 5:8–9*

*Maar ons wat van die dag is, moet nugter wees; ons moet geloof en liefde as borsharnas dra en die hoop op verlossing as helm. God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word.*

**OORDENKING**

Hierdie verse herinner ons aan die belangrikheid daarvan om waaksaam en nugter te wees terwyl ons hierdie wêreld navigeer. Ons word geroep om geloof en liefde as 'n borswapen aan te trek om ons te beskerm teen ons vyand se aanvalle en die hoop op redding as 'n helm om ons gedagtes te berskerm teen die leuens en versoeking van die wêreld.

Nadat ons op sosiale media was of TV gekyk het, kan ons maklik vasgevang word in die bekommernisse en vrese van hierdie wêreld, maar ons moet daarna streef om ons fokus te hou op die hoop op ons verlossing deur Jesus en die ontsagwekkende betekenis van hierdie verlossing vir nou en vir ewig. Wanneer ons dit doen kan ons God se vrede ervaar en die krag vind om elke dag met vreugde en vertroue tegemoet te gaan, wetende dat terwyl ons nou swaarkry en lyding moet verduur, ons 'n glorieryke toekoms het om na uit te sien.

Ons kies om as dogters van die dag te lewe met die wete dat ons toekoms veilig is in Christus. Ons sien die tekens van die tye, maar ons is nie bekommerd nie. God het ons toegerus met die regte wapenrusting vir alles wat Hy elke dag aan ons toevertrou het.

Terwyl ons doelbewus ons borswapen van geloof aantrek, beweeg ons vorentoe in ons lewens en betoon ons liefde vir diegene wat God vir ons gegee het vir 'n tyd soos hierdie. Ons kyk nie met vrees na die toekoms nie, want ons weet dat God reeds daar is. Ons dra ons helm van verlossing, beskerm ons gedagtes met God se Woord en bly waaksaam vir aanvalle van ons vyand.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, help my om nugter en bewus van U te bly elke dag wat ek leef. Hou my hart teer vir U en help my om bedag te wees op satan se subtiele aanvalle in my lewe. Help my om diegene lief te hê wat U in my lewe geplaas het en help my om met opgewondenheid na die toekoms te kyk terwyl ek smag na U wederkoms. Amen.

## LEES

*Week 5 • Vrydag*

*Filippense 4:4-8*

Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! 5 Wees inskiklik teenoor
alle mense. Die Here is naby. 6 Moet oor niks besorg wees nie, maar
maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging
aan God bekend. 7 En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan,
sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus. 8 Verder,
broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is,
alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige
saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig.

## SOAP

*Week 5 • Vrydag*

SOAP / *Filippense 4:8*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

# DAGSTUKKIE

*Week 5 • Vrydag*

**SOAP:**

*Filippense 4:8*

*Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig.*

**OORDENKING**

Ons leer uit God se Woord dat dit waaroor ons dink, saak maak. Ons gedagtegang beïnvloed alle aspekte van ons daaglikse lewe. As ons gedagtes nie gesond is nie, word die resultate van daardie ongesonde gedagtes mettertyd op elke gebied van ons lewens gesien. Daarom word ons geroep om te fokus op wat waar, edel, reg, rein, mooi en prysenswaardig is.

Om bedag te wees op wat ons in ons gedagtes toelaat en aktief na positiewe, opbouende dinge te soek om oor na te dink, is hoe ons lewens leef wat God verheerlik. God het in sy liefde geweet dat ons moet leer hoe om ons gedagtes met sy waarheid te bewaak. Ons doen dit deur doelbewus ons helm van verlossing op te sit en dit lewenslank ‘n gewoonte te maak.

Dit is maklik om vasgevang te word in negatiewe denkpatrone en bekommernisse. Ek sukkel ook soms hiermee. Daar is dae wat ek vind dat my negatiewe gedagtes die oorhand in my brein kry. Wanneer my gedagtes oorgelaat word om op hul eie en vry rond te dwaal, is hulle nie van nature positief nie. Ek moet doelbewus keer dat my gedagtes in daardie depressiewe stegies afgaan, en eerder kies om te fokus op wat waar, edel, reg, rein, mooi en prysenswaardig is.

Wanneer ons bewus word van slegte of onwaar gedagtes, moet ons hulle onderdanig maak aan die waarheid, sodat vrede en vreugde weer ons harte kan vul. Die ou gesegde, “Wat jy van jou dink,” kan soms waar wees. Wanneer my gedagtes giftig en ongesond is, ontbloot my optrede en emosies hulle. Die mense ná aan my sien uiteindelik dít wat ongesiens in my gedagtes was. Daarom is dit belangrik om te leer om ons gedagtes in Christus Jesus te bewaak.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, help my om die gewoonte te ontwikkel om my gedagtes te fokus op wat waar, eerbaar, rein en mooi is. Dit is ‘n innerlike stryd wat die potensiaal het om alle areas van my lewe te beïnvloed. Help my om gesonde gedagtes te ontwikkel wat eer aan U en gesondheid aan my verstand en liggaam bring. Amen.

## OORDENKING

*Week 5*

*Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.*

*2 Korintiërs 10:3–5*

## BID

*Skryf jou gebedsversoeke en lofprysings vir die week neer.*

## WEEKLIKSE UITDAGINGS

*Fokus hierdie week daarop om God se Woord te memoriseer en dit nie net in jou gedagtes te plaas nie maar ook in jou hart. Kies biddend verse wat jou aanmoedig, hoop bring en jou herinner aan God se beloftes en skryf dit op notakaarte of in jou gebedsjoernaal. Deur Jesus se voorbeeld te gebruik, veg terug teen jou geestelike vyand met die waarheid wat in die Skrif gevind word, deur God se Woord te memoriseer en te herroep.*

## LEES

*Week 6 • Maandag*

*Efesiërs 6:10-18*

Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11 Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. 12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. 13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan. 14 Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas, 15 en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. 16 Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer. 17 Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. 18 Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.

## SOAP

*Week 6 • Maandag*

SOAP / *Efesiërs 6:17–18*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Maandag*

**SOAP:**

*Efesiërs 6:17–18*

*Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God. Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.*

**OORDENKING**

Daar is krag in die Woord van God. Ons almal weet dit. Ons het dit almal al baie keer gehoor, maar glo ons dit? Die laaste stuk wapenrusting wat God ons gee, is die swaard van die Gees, wat die Woord van God is. Dit is die enigste wapen wat aan ons gegee is waarmee ons onsself kan verdedig. Dit is nie ‘n fisiese swaard nie, maar ‘n geestelike een. Dit is lewend en aktief en skerper as ‘n tweesnydende swaard (Sien Hebreërs 4:12).

Om hierdie wapen effektief te gebruik, moet ons die wapen ken. Andersins sal dit ondoeltreffend wees. Om bloot ‘n Bybel op ons koffietafel te laat lê, is nie so kragtig soos om die lewende Woord van God deur ons alledaagse lewe te laat werk nie.

God se Woord is kragtig en effektief, maar ons moet dit daagliks in ons lewens toepas.

Krag uit die Bybel kom van gehoorsaamheid en die toepassing daarvan. Om God se Woord te lees en te ken, is nie genoeg nie. Selfs demone en satan ken God se woord (Sien Jakobus 2:19). Die verskil lê daarin dat ons glo wat God in sy Woord sê, gehoorsaam is aan sy Woord deur in geloof te leef en God se Woord op ons lewens toe te pas. Wanneer versoekings, toksiese gedagtes of misleiding van buite oor ons pad kom, weet ons hoe om terug te veg met God se Woord, ons swaard van die Gees.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, dankie dat U vir ons so ‘n waardevolle wapen in U Woord gegee het. Laat my liefde vir U en u Woord groei. Help my om dit kragtig in my lewe te gebruik, soos wat U wil hê dat dit gebruik moet word. Amen.

## LEES

*Week 6 • Dinsdag*

*Josua 1: 7-9*

"Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie. Dan sal jy voorspoedig wees, waar jy ook al gaan. 8 Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees. 9 Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."

## SOAP

*Week 6 • Dinsdag*

SOAP / *Josua 1:7*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Dinsdag*

**SOAP:**

*Josua 1:7*

*Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie. Dan sal jy voorspoedig wees, waar jy ook al gaan.*

**OORDENKING**

Dit is een van my gunsteling verse van alle tye. Ek moet daagliks daaraan herinner word om sterk en vasberade te wees. Ek weet dit kan uitdagend wees om in 'n gevalle wêreld te leef. Ons harte smag na die hemel op aarde en dat alle ongeregtighede reggemaak moet word.

Dit is maklik om moedeloos te raak en oorweldig te voel deur die probleme wat ons in die gesig staar. Wanneer ons egter moed skep en op die Here vertrou, vind ons krag in God en krag in sy Woord. Ons kan verseker wees dat Hy ons sal lei en ons die krag sal gee om die probleme wat ons in die gesig staar, te oorkom.

Ons eerste stap is om na God se Woord, ons swaard van die Gees, te draai. God het ons toegerus met alles wat ons nodig het om 'n oorwinnende lewe te lei. Ons moet leer hoe om dit wat Hy gegee het, te gebruik. God weet dat hierdie wêreld nie ons tuiste is nie en dat ons daarin baie beproewings en verdrukkings sal beleef.

Hy het ons die krag van sy Woord gegee. Ons sien in Genesis hoe kragtig God se Woord werklik is. God het in die donker niksheid wat bestaan het, gespreek en die hele heelal geskep (Sien Genesis 1). Wat 'n pragtige herinnering dat God se woorde kragtig is en ook die veranderinge wat ons in ons lewens moet maak, teweeg kan bring.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, dankie dat U vir ons die swaard van die Gees gegee het. Help my om nie na regs of links af te wyk nie, maar op U gefokus te bly en U Woord op alle terreine van my lewe te gehoorsaam.

## LEES

*Week 6 • Woensdag*

*2 Korintiërs 10:1-5*

Ek, Paulus, doen 'n persoonlike beroep op julle – ek, wat mos "gedwee" is as ek by julle is, maar "manhaftig" teenoor julle as ek van julle af weg is. In die Naam van Christus, wat nederig en vriendelik is, vra ek julle: 2 Moet my nie dwing om streng te wees as ek kom nie. Ek is seker ek kan my veroorloof om streng op te tree teenoor dié wat ons daarvan beskuldig dat ons uit menslike oorwegings handel. 3 Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. 4 Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies 5 en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.

## SOAP

*Week 6 • Woensdag*

SOAP / *2 Korintiërs 10:3–5*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Woensdag*

**SOAP:**

*2 Korintiërs 10:3-5*

*Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.*

**OORDENKING**

2 Korintiërs 10:3-5 is ons gevegsplan. Maak nie saak wie ins is nie, ons kan almal van tyd tot tyd sukkel in ons persoonlike lewens, ons verhoudings of ons werk. Hierdie daaglikse stryd kan ons uitput en ons oorweldig en verslaan laat voel.

Daarom is hierdie verse so kragtig. Hulle herinner ons daaraan dat die gevegte wat ons in die gesig staar, in die eerste plek, geestelike veldslae is. God het vir ons presies gegee wat ons nodig het om terug te veg. In sy liefde en voorsiening het God ons Goddelike, bonatuurlike krag gegee om vestings te vernietig, om die argumente en opinies wat teen die kennis van God staan te verslaan, en die vermoë om elke gedagte wat ons van Christus sou weglei, gevange te neem.

God het die gordyn vir ons oopgetrek om ons te help om te sien wat werklik agter die skerms aangaan. Ons is nie naïef nie. Ons weet ons veg 'n geestelike stryd wat soms in die fisiese wêreld manifesteer. Maar ons is nie bang nie, want ons weet ons veg nie 'n verlore stryd nie. God het reeds die oorwinning behaal!

Al wat ons nou moet doen, is om God te vertrou en te gehoorsaam te midde van ons gevegte, met die wete dat daar meer is as wat ons op die oog af sien. Die wapens wat ons gebruik is dalk nie fisies nie, maar hulle het Goddelike krag wat die sterkste vestings en enige struikelblokke wat oor ons pad kom, kan afbreek. Ons veg dus terug met die krag wat God ons gegee het, en ons neem doelbewus ons gedagtes gevange, en maak hulle gehoorsaam aan Christus. Ons sal nie meer vroue wees wat deur giftige gedagtes beïnvloed word nie. Ons verstand gee oor aan God se Woord, en God se Woord alleen.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, dankie dat U reeds die stryd gewen het. Help my om al my gedagtes gevange te neem en voor U te bring. Ek kan nie hierdie stryd op my eie veg nie. Veg vir my en help my terwyl ek daarna streef om volgens u Woord te lewe. Bewaak my gedagtes terwyl ek prober om my gedagtes gefokus te hou op wie U is en op wat waar is. Amen,

## LEES

*Week 6 • Donderdag*

*Matteus 4:1-11*

Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versoek te word. 2 Veertig dae en veertig nagte het Hy niks geëet nie en naderhand het Hy honger geword. 3 Die versoeker het toe gekom en vir Hom gesê: "As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word." 4 Maar Hy antwoord: "Daar staan geskrywe: "'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom. " 5 Daarna neem die duiwel Hom na die heilige stad toe en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan 6 en sê vir Hom: "As U die Seun van God is, spring af! Daar staan mos geskrywe: "Hy sal sy engele oor jou opdrag gee "en: "Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie. " 7 Jesus sê vir hom: "Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie." 8 Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe, wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag 9 en sê vir Hom: "Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid." 10 Maar Jesus sê vir hom: "Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien. " 11 Daarna het die duiwel Hom met rus gelaat, en daar het engele gekom en Hom versorg.

**SOAP**

*Week 6 • Donderdag*

SOAP / *Matteus 4:10–11*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Donderdag*

**SOAP:**

*Matteus 4:10-11*

*Maar Jesus sê vir hom: "Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe:*

*"Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien. "*

*Daarna het die duiwel Hom met rus gelaat, en daar het engele gekom en Hom versorg.*

**OORDENKING**

Ek glo Matteus 4:10-11 is een van die kragtigste gedeeltes van die Skrif, want ons sien hoe kragtig God se Woord is wanneer dit gespreek word. Jesus het die Skrif aangehaal, en satan het verdwyn. Satan wou stry en debatteer, maar na 'n vas van veertig dae, het Jesus niks daarvan gehad nie. Jesus was nie van plan om satan se speletjie te speel nie. Hy het die waarheid aangehaal, en satan verslaan. Jesus het satan oorwin met die Woord van God. Ons kan ook.

Daar is 'n kragtige les in hierdie verse. Beide Jesus en satan het die Skrif geken en kon dit aanhaal, maar Jesus het satan met die Skrif verslaan omdat Hy dit nie tot sy eie voordeel verdraai het nie. Jy kan amper enigiets bewys wanneer die Skrif uit verband geruk word. Satan het nie die volledige verse aangehaal nie. Hy het versuim om gedeeltes in te sluit wat sy voorstel sou weerlê. Moet dus nie die fout maak om deur iemand mislei te word net omdat hulle skynbaar die Skrif ken nie. As iemand betekenis aan die teks impliseer wat ander dele van die Skrif direk weerspreek, weet ons dit is nie waar nie.

Satan het prober om Jesus te versoek om vervulling sonder God te vind. Jesus se reaksie op Satan se versoeking herinner ons daaraan dat ons geroep is om God bo alles te aanbid en te dien. Ons moenie beïnvloed word deur wat die wêreld vir ons sê belangrik is nie, maar eerder ons geloof en vertroue in die Here plaas. Dit kan maklik wees om in die strik te trap om te wil hê wat die wêreld bied, maar wanneer ons God eerste in ons lewens stel, sal Hy ons altyd voorsien van die leiding en ondersteuning wat ons nodig het om versoeking te weerstaan en 'n lewe te lei wat Hom verheerlik.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, dankie dat U versoeking ervaar het, maar nie daaraan toegegee nie. Dankie dat U honger ervaar het, maar nie toegelaat het dat honger U in die versoeking laat kom om buite God se wil te beweeg nie. Dankie dat U vir ons die krag van u Woord wys en hoe om dit effektief te gebruik om versoeking in ons lewens te oorwin. Amen.

## LEES

*Week 6 • Vrydag*

*Psalm 119:9-16*

Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord! 10 Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, laat my nie afwyk van u gebooie nie. 11 Aan u beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U. 12 Aan U kom die lof toe, Here, leer my u voorskrifte. 13 Al u bepalings wil ek een vir een opnoem. 14 Om volgens u verordeninge te lewe, gee my meer vreugde as al die rykdom van die wêreld. 15 U bevele bly my altyd by. Ek gee ag op die pad wat U aanwys. 16 Ek verlustig my in u voorskrifte, u woord vergeet ek nie.

## SOAP

*Week 6 • Vrydag*

SOAP / *Psalm 119:11*
SCRIPTURE / *Skryf die Bybelverse vir vandag neer*

OBSERVATION / *Skryf 3 - 4 waarnemings oor die verse neer*

**APPLICATION** / *Skryf 1 - 2 toepassings uit die verse neer*

**PRAYER** / *Skryf 'n gebed oor wat jy geleer het*

## DAGSTUKKIE

*Week 6 • Vrydag*

**SOAP:**

*Psalm 119:11*

*Aan u beloftes hou ek vas,*

*dit weerhou my van sonde teen U.*

**OORDENKING**

Wat ons liefhet, bêre ons in ons harte. Om God se Woord in ons harte op te berg, is meer as net intellektuele kennis van wat die Bybel sê. Hierdie vers maak dit duidelik dat die regte tipe "opgaar", vrugte in ons lewens dra. Wanneer ons probeer om die Bybel met ons verstand te verstaan en te memoriseer, moet ons ook bereid wees dat daardie woorde ons harte, wil en gewete beïnvloed. Slegs dan sal ons oorwinning oor sonde hê, om die versoekings te kan weerstaan. Wanneer ons God liefhet, sal ons sy Woord liefhê en bewaar.

Wanneer ons harte na God soek, sal ons voete Hom volg. Opgebergde kopkennis verander ons nie as dit nie uiteindelik in ons harte inbeweeg en ons lewens verander nie. Die uitvloei uit ons harte is 'n begeerte om lewens te lei wat God verheerlik omdat ons Hom liefhet.

In 'n wêreld wat voortdurend probeer om ons aandag af te lei, ons te versoek en ons van God af weg te trek, is dit belangrik dat ons 'n doelbewuste poging aanwend om God se Woord te ken en dit in ons harte te bêre. Of dit nou is om die Bybel te lees, die Skrif te memoriseer of tyd in gebed deur te bring, tyd maak vir God se Woord behoort 'n prioriteit in ons hele lewe te wees, aangesien ons probeer om God meer te ken en lief te hê.

Wanneer ons God se Woord in ons harte bêre, rus ons onsself toe met die swaard van die Gees, en gee dit ons toegang tot die Skrif wanneer ons dit nodig het.

**GEBED**

Liewe Here Jesus, ek het U lief. Help my om u Woorde in my hart te bêre en dit as skatte te waardeer. Help my om altyd gemotiveer te wees deur my liefde vir U, en weerhou my daarvan om teen U te sondig. Ek wil meer kopkennis hê wat in groter hartskennis verander. Help my om u Woord in my hart te bêre sodat ek nie teen U sondig nie. Amen.

## OORDENKING

*Week 6*

# Sluit By Ons Aan

**AANLYN**

*lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatly.com/afrikaans*

**JOERNALE**

*lovegodgreatly.com/store*

**FACEBOOK**

*lovegodgreatly*
*lovegodgreatlyafrikaans*

**INSTAGRAM**

*@lovegodgreatlyofficial*
*@lovegodgreatlyafrikaans*

**APP**

*Love God Greatly*

**KONTAK ONS**

*info@lovegodgreatly.com*
*lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com*

**SKAKEL BY ONS IN**

*#LoveGodGreatly*
*#LoveGodGreatlyAfrikaans*

## VIR JOU

### *Wat ons bied*

Meer as 40 Vertalings
Bybelleesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toepassing
Meer as 200 Lande Bedien
Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

### *Elke studie sluit in*

Drie Blogplasings per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse
Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Oorbruggings Leesplan

### *Ander studies*

Die Grootste Geskenk
Geloof Bo Volmaaktheid
In Jesus Is Jy...
Vriendskap
In die Begin
Die Evangelie van Markus
Verlos van Skande
Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou, Lewe
Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs
Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd